

APRIL 2015

Volume 17 | No 4

GRAAN SA GRAIN

AMPTELIKE GRAAN SA-TYDSKRIF/OFFICIAL GRAIN SA MAGAZINE



Besoek ons op die web

Visit us online



DIE REGTE KEUSE MAAK SAAK



KIES DIE BETROUBARE NAAM IN BEMESTING

DIT MAAK NET SIN

60+ JAAR SE KENNIS, NAVORSING EN VERHOUDINGS

VOORDELE: VENNOTE • LANDBOUKUNDIGE DIENSTE • INVESTERING • WAARDE • PRODUKREEKS
KWALITEIT • VERHOUDINGS • ONDERSTEUNINGSDIENSTE • NAVORSING & ONTWIKKELING • OMGEWING & VEILIGHEID
TEGNOLOGIE • PRODUKSIEFASILITEITE



 **omnia**
NUTRIOLOGY • NUTRILOGIE*

**the science of growing • wetenskap vir groei*

Kontak ons 011 709 8778 / 011 709 8916 of jou plaaslike Omnia landboukundige - besoek www.omnia.co.za
Omnia Kunsmis, Posbus 69888, Bryanston, 2021 Reg No: 2006/013996/07



Meet our contributors...

Jenny Mathews was born in Estcourt, KwaZulu-Natal and raised to love the outdoors. She spent many happy hours in her grandpa's vegetable gardens. Jenny attained a BA at UKZN and completed a diploma in education. After marrying John they lived in the Eastern Cape where he farmed and Jenny taught at the local school. They moved back to the family farm at Sannieshof where they have lived and raised three sons who all farm today. The family's passion for South Africa and its land led Jenny to get involved in Grain SA to keep a finger on the pulse of agriculture. A natural love for education and development has seen her involved in farmer development issues. She currently serves on Grain SA's Farmer Development Committee and represents Grain SA as chairman of the board of the Grain Farmer Development Association (GFADA). Motivating and teaching about farming through the written word in different magazines has become an unexpected, but delightfully rewarding career.

Diplodia, Fusarium and Gibberella ear rot are the major ear rot diseases occurring in South Africa. These diseases have been identified as recurring problems throughout maize producing areas. According to **BRADLEY FLETT** and **EDSON NCUBE** (ARC-Grain Crops Institute) the fungi causing these diseases also cause maize stalk rots which result in plant lodging. Maize ear rots result in yield losses and grain quality reduction through discoloured kernels, observed during the grain grading process and production of mycotoxins. Read more about this on [page 60](#).



ELMARIE HELBERG, SA *Graan/Grain* contributor, talked to Quentin and Marisa de Bruyn of Vastrap Enterprises near Ladybrand in the Eastern Free State about their staff – which they believe is the most important asset of their farming business. This philosophy underlines their approach to labour practices. Read more on [page 78](#) in our series on good labour practices and relationships.



ABRIE COETZEE, onthaal- en dekorspesialis, van Kamelia in Klerksdorp, behartig van Maartmaand af ons nuwe rubriek "*Kuier saam met Abrie*". In dié uitgawe vier hy Paasfees en dek 'n Barok-sementbladtafel vir ontbyt onder die oggendskaduwee in die tuin. Middagete ter ere van Pase word uitgebeeld met fluweel, kruise en rooi rose, soos karmosyn. Kom deel saam in die feesvieringe op [bladsy 86](#).



VOORPUNT



ESTIE DE VILLIERS, redakteur

Ons het my pa die afgelope maand begrawe. Onverwags. Iets waarop niemand jou kan voorberei nie. 'n Hartaanval terwyl hy en my broers besig was om sojabone te stroop.

Ek dink menige produsent sou verkies om soos hy te kan gaan – nie 'n lang siekbed nie...Net skielik op die land, met sy skoene aan, na sy Skepper. Ons het pa Manie op die plaas in die familiekerkhof onder die groot bloekomboom begrawe – in 'n gewone dennenhoutkis; niks *fancy* nie. In sy werksklere met sonneblomme en meliepluime bo-op die kis.

Pa was nog 'n "outydse" boer in murg en been – as hy die keer (wat maar min was) vir 'n dag of wat weg van die plaas was, was hy skoon siek gewees. Pure boer was hy soggens vroeg uit die vere – in die bakkie; by die lande. In sy kakiehemp, kortbroek met 'n sakdoek in die sak, lang kouse en skoene en 'n laphoed op die kop.

Hy kon nie met 'n rekenaar werk nie, maar sy hande het vir niks verkeerd gestaan nie en hy kon alles regmaak: Hetsy dit was om iets te bou, te sweis, 'n trekker te *overhaul*; 'n stukkende speelding van die kleinkinders reg te maak; of om 'n meubelstuk te restoureer...Hy het "n boer maak 'n plan" versinnebeeld. My en Pa se laaste telefoonsprek was juis oor die Boerepatentekompisie by vanjaar se NAMPO Oesdag. Dié jaar wou hy inskryf.

Hy het van gesels gehou, was 'n regte terggees en het graag die kleinkinders se siele uitgetrek en met hulle gespeel. "Aaaaag Oupa!" Oupa, ons gaan jou so baie mis...Die dag voor en na sy begrafnis het dit heerlik gereën. Ek dink Pa het besluit om maar in persoon vir die Liewe Vader daarbo vir reën te gaan vra...

In die uitgawe plaas ons juis 'n hele paar artikels oor die droogte. Die omvang van die 2014/2015-droogte in die somersaaigebiede is van so 'n aard dat daar feitlik geen gebied is wat nie deur die droogte geraak is nie. Die omvang van die skade wissel tussen gebiede, maar selfs op dieselfde plaas is daar blokke graan wat minder of meer skade het as gevolg van oneweredige reënval. Pietman Botha (*SA Graan/Grain* medewerker) en Hendrik van Pletzen (Voermol Voere) gee op bladsy 38 riglyne vir die benutting van verdroogde graangewasse en oesreste.

Pieter Rademeyer (produktbestuurder, Pannar Saad) bekijk die droogtestremming op mielies van nader op bladsy 69. (Die invloed van stremming op die uiteindelijke oes loop nou saam met die vogbehoefte tydens die verskillende groeistadiums.) En Wessel Lemmer (*Graan SA*) bespreek op bladsy 40 die impak van die droogte en vroeë lewerings op die aanbod van mielies.

NAMPO 2015 – landbou-vertoonvenster

Die NAMPO Oesdag is voor die deur en ons gee weer 'n aparte *Graan SA* NAMPO Oesdag-uitgawe saam met die April-uitgawe van die *SA Graan/Grain* uit. Lees daarin alles oor die 2015 Oesdag.

Groetnis tot volgende maand.

Estie

MEDEWERKERS *vir hierdie uitgawe*

Pietman Botha, Abrie Coetzee, Chris Dannhauser, Jannie de Villiers, Bradley Flett, Elmarie Helberg, Alzena Gomes, Koos Kirsten, Johan Labuschagne, Wessel Lemmer, Corné Louw, Jenny Mathews, Jeané Meyer, Charné Myburgh, Edson Ncube, PJ Pieterse, Moses Ramusi, Pieter Rademeyer, Stephanus Richter, Owen Rhode, Joanie Scheepers, Ruth Schultz, Gerrie Smit, Hendrik Smith, Johann Strauss, Annelene Swanepoel, Adri Theron, Wayne Truter, Gerrie Trytsman, Hendrik van Pletzen, Gerhard Verdoorn, Willem Voogt en Sierk Ybema



17



38



13



69



INHOUD | CONTENTS

APRIL 2015

GRAAN SA | GRAIN SA

- 8 Lede-landskap
- 8 Welcome
- 10 Bemagtigingsmodelle wat in die Wes-Kaap werk – Deel 2b

TERUGBLIK OP KONGRES | FEEDBACK ON CONGRESS

- 13 Kongres 2015 beklemtoon volhoubare graanproduksie gedurende grondhervorming
- 17 Sustainable grain production amidst land reform analysed
- 20 Ons moet aanbeweeg na "ons"
- 22 Finansiële welstand vir plaaswerkers
- 24 The practical implementation of land reform openly discussed
- 26 Graan SA se Hoofbestuur soos op 4 Maart 2015
- 29 Fokus steeds om tot diens te wees van graanprodusente
- 32 Koppe bymekaar gesit tydens wegbreeksessies
- 36 Glad met die tong én pen
- 36 Special recognition given
- 37 Borge van Graan SA Kongres

OP PLAASVLAK | ON FARM LEVEL

- 38 Riglyne vir die benutting van verdroogde graangewasse en oesreste

- 40 **Grain market-overview:** The impact of drought and early deliveries on the supply of maize – for the March/February reporting period
- 48 **Inset-oorsig:** Die dieselprys bestaan uit 45% heffings en belasting, maar...
- 51 **Onkruid in die winterreënvalstreek:** Duiwekerwel (*Fumitory*) (Deel 11)
- 55 **Conservation agriculture:** Integrated crop and pasture-based livestock production systems (Part 14)
- 57 Laat die kenners wegdoen met jou leë, gevaarlike afval
- 60 Ear rots of maize: A continuous threat to food safety and security
- 66 Phoma black stem of sunflowers: Potentially devastating in certain production fields
- 67 Downy mildew of sunflower: Uncommon, but can cause localised damage
- 69 Droogtestremming op mielies van nader bekyk
- 72 Veranderinge in die gradering van sojabone vir die 2015/2016-seisoen

AKTUEEL | RELEVANT

- 74 BASF 150 years + you = creating chemistry through time
- 76 **SA Graan/Sasol Chemicals (Fertiliser) photo competition:** Beauty is in the eye of the beholder
- 78 Good labour practices and relationships in the spotlight – Vastrap Enterprises (Part 2)

EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA, POSBUS 88, BOTHAVILLE, 9660
BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Loxton
 Tel: 08600 47246 • Faks: 086 509 7276
 E-pos: johan@grainsa.co.za

SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING
(ADRESVERANDERINGE): Marina Kleynhans
 Tel: 08600 47246 • Faks: 086 509 7281
 E-pos: marina@grainsa.co.za

REDAKSIE

REDAKTEUR: Estie de Villiers
 Tel: 013 752 5731 • Sel: 083 490 9449
 Faks: 086 275 4157
 E-pos: estiedv@mweb.co.za

SA GRAAN/GRAIN TEGNIESE REDAKTEUR: Johan Smit
 Tel: 018 468 2716 • Faks: 018 468 7782
 Sel: 082 553 7806
 E-pos: johan@infoworks.biz

REDAKSIONELE ASSISTENT: Elmien Bosch
 Tel: 018 468 2716 • E-pos: elmien@infoworks.biz

BLADUITLEG EN REPRODUKSIE: Ashley Erasmus,
 Infoworks
 Tel: 018 468 2716 • E-pos: ashley@infoworks.biz

DRUKWERK: Colorpress
 Tel: 011 493 8622

SPOTPRENTTEKENAAR: Frans Esterhuysen

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE ADVERTISING – Kaapstad
 Jurgen van Onselen
 Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
 E-pos: jurgenvo@iburst.co.za

KOLBE ADVERTISING – Kaapstad
 Johan van Onselen
 Tel: 022 451 2773

GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Alenti Office Park
 Witheritstraat 457
 Die Wilgers
 Pretoria
 0041

Tel: 08600 47246
 Faks: 012 807 3166

Bezoek Graan SA op die web: www.grainsa.co.za



1: Graan SA Kongres 2015 in sitting.

Kongres 2015 beklemtoon volhoubare graanproduksie gedurende grondhervormingsproses

ALZENA GOMES, sakkalbespreker, Graan SA en foto's: JOANIE SCHEEPERS, JEANÉ MEYER en ESTIE DE VILLIERS (van Infoworks)

Graan SA-lede, regeringsamptenare, landbouoorspelers en ander belanghebbendes het op 4 en 5 Maart by NAMPO Park byeengekom vir die jaarlikse Graan SA Kongres. Die tema "Volhoubare graanproduksie tydens grondhervorming" het van meet af aan beloop om belangrike gesprekspunte uit te lig en lewendige debatte aan te moedig.

Die Kongresagenda het onder meer die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, mnr. Senzeni Zokwana, as hoofspreekers ingesluit sowel as 'n insiggewende voorlegging deur mnr. Kip Tom (besturende lid van Tom Place LLC, Indiana, USA).

Die agenda het bykomend gefokus op die versoening van die Nasionale Ontwikkelingsplan en voedselkerheid sowel as 'n nasionale ontwikkelingsplan en voedselkerheid sowel as 'n nasionale ontwikkelingsplan en voedselkerheid.

'n Standaat appoel vir die minister is voorafgegaan deur sy berop op die Graantrusts om hul ventuuroskappe met Graan SA voort te sit, om sodat die volhoubaarheid in landbou se oorgangstyd te verseker na hy afgewagdiges die verskeidenheid geges het dat die Departement baie naby aan 'n deurbraak is om die probleme van nuwe ure kommersiële boere, wat sukses om finansiering te bekom, op te los.

Volhoubare graanproduksie tydens grondhervorming

Mnr. Kip Tom het tydens sy voorlegging die datatwetenskap waar-mee hy besig is aangespreek om sodat die klem te plaas op maniere om die produktiwiteit in ons sektor en in Suid-Afrika te bevorder. Mnr. Kip Tom het tydens sy voorlegging die datatwetenskap waar-mee hy besig is aangespreek om sodat die klem te plaas op maniere om die produktiwiteit in ons sektor en in Suid-Afrika te bevorder.

KONGRES 2015

13

- 79 Western Cape Department of Agriculture takes the Annual Combined Congress by storm
- 82 'n Kykie in die grondmikrobiologieselaboratorium
- 84 Saadhanteringsstelsel bring spoed en gerief tot by jou drumpel

RUBRIEKE | FEATURES

- 1 Voortpunt
- 4 Graan SA Standpunt: Terugblik op Graan SA Kongres 2015
- 5 Grain SA Point of View: Grain SA Congress 2015 in retrospect
- 5 Uit die Woord
- 7 Om die waarheid te sê...
- 7 Op die kantlyn
- 86 Kuier saam met Abrie: Paasfees is belangrik
- 87 Wiele vir die plaas: Ford Ranger XL-Plus: Vir harde werk – sterk, maar veilig
- 88 E-posse aan Grootneef: Fluisteringe uit 'n ou gebou

Acknowledgement is hereby given to the Maize Trust for its financial contribution towards the distribution of this magazine.



Voorblad / Cover

Argo se nuwe Landini 7-215 (138 kW) trekker. Daar is nog twee modelle; die 7-176 (121 kW) en die 7-190 (130 kW) in die reeks.



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.
- "Promosie-artikels" is betaalde artikels; terwyl "produk-inligting"-artikels feite kan bevat oor kommersiële produkte.
- "Advertorials" are paid articles; while "product information" articles may contain facts on commercial products.

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto's, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorbehou ingevolge die bepaling van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.



JANNIE DE VILLIERS, uitvoerende hoofbestuurder/CEO

Terugblik op Graan SA Kongres 2015

Vir my was daar twee groot nuwe tendense by Graan SA se 2015 Kongres, naamlik: Politici het begin luister na produsente; en die vermoë van produsente om probleme te oorkom.

Minister Senzeni Zokwana was die eerste Minister van Landbou sedert 2004 wat die Kongres bygewoon het en nie net sommer ingestap, 'n toespraak gelewer en weer weggey het nie. Minister Zokwana was 'n hele vyf ure by Kongres. Die LUR van Landbou van die Noordwes Provinsie was ook daar.

Ek het dit só geniet toe die media hom vra waar die LUR'e van die ander provinsies is en hy antwoord ferm: "Hulle sal almal volgende jaar hier wees!" Kom ons hou hieraan vas en ontwikkel die goeie gesindheid wat daar by Kongres was waar politici ons opinie gevra het.

Die minister se simpatie met die droogtesituasie waarin die produsente hulself bevind was opreg en het uit sy hart gekom. Ek kan ook nie anders as om mnr Ralph Swart (nuwe era produsent van Elim) se pa se woorde in dié verband aan te haal nie: "Praat is afdraand en doen is opdraand." Hierdie gesegde is presies waar ons land homself nou bevind wat grondhervorming betref en ook ten opsigte van hulp met die huidige droogte.

So drie weke voor Kongres het 'n groep mielieprodusente hul vliegtuie NAMPO Park toe gebring om met ons oor die Noordwes Provinsie en die Noordwes Vrystaat te vlieg om die toestand uit die lug waar te neem. Met die terugkomslag het al die verslae en waarnemings vanuit al die windrigtings ons almal mismooedig gestem. Ek kan steeds nie die prentjie van die produsent wat sommer net so met sy bakkie deur sy mielielande ry uit my gedagtes kry nie. Die emosie en alleenheid van daardie produsent het my heeltemal oorweldig.

Wat my opgeval het, is dat daardie selfde produsente drie weke later Kongres bygewoon het en aanbeweeg het na die volgende

“

...en ontwikkel die goeie gesindheid wat daar by Kongres was waar politici ons opinie gevra het.

”

seisoen. Dit vat nie die pyn van die huidige droogte en probleme weg nie, maar hierdie unieke mense het die vermoë om probleme te oorkom en te hanteer wat jy nie sommer elders in die samelewing kry nie. Dit wil gedoen wees!

Die hele konsep van *data science* wat die Amerikaanse produsent, mnr Kip Tom, met ons kom deel het, het 'n nuwe era van tegnologiese graanproduksie kom aanwakker. Dit was eintlik jammer dat die grondkwestie die gesprekke so oorheers het dat ons nie meer van dié man kon hoor nie.

Graan SA se personeel het egter die bal opgetel en ons sal die saak verder neem om elke graanprodusent te help om sin uit al die massas inligting te probeer maak. Sy wenk bly egter vasstaan: "n Droë jaar is die beste om die meeste inligting in te samel!" Kom ons maak seker ons meet die plante se reaksies op die omgewing so dat ons beter kan presteer in die komende seisoene.

Ek is ook vol moed dat ons binne die volgende maande iets konkreet vir ons koringprodusente sal kan gee om mee vorentoe te gaan. Die gesindheid van al die rolspelers is bemoedigend en as alles saamgevat kan word, kan ons 'n nuwe bedeling inlui. ■

Grain SA Congress 2015 in retrospect

In my opinion there were two big new tendencies at the Grain SA Congress 2015, namely: Politicians started listening to producers; and producers' ability to overcome problems.

Minister Senzeni Zokwana was the first Minister of Agriculture since 2004 who attended Congress and did not merely walk in, deliver a speech and drive off again immediately – he spent a whole five hours at Congress.

I really enjoyed his firm reaction when the media enquired about the absence of the MECs from other provinces: "They will all be here next year!" Let us hang on to this and build on the good disposition present at Congress where politicians asked for our opinion.

The Minister's sympathy with the drought conditions the producers are experiencing came from his heart. I cannot help but repeat the words of Ralph Swart's (new era producer from Elim) father in this regard: "Talking is downhill and doing is uphill". This expression precisely reflects the situation in which our country currently finds itself as far as land reform is concerned, as well as with regard to assistance with the current drought.

Some three weeks before Congress, a group of maize producers brought their aeroplanes to NAMPO Park to fly over the North West Province and the Northern Free State so we could observe the situation from the air. On our return the reports from all directions made us quite despondent. I still cannot erase from my mind the picture of the producer driving aimlessly through his maize fields

in his bakkie. The emotion and loneliness of that picture completely overwhelmed me.

What struck me was that, three weeks later, those same producers attended Congress and that, in their minds, they have moved on to the new season. It does not take away the pain and problems of the current drought, but these unique people are capable to overcome and handle problems in a way that you will not easily find elsewhere. This takes some doing!

The whole concept of "data science" shared with us by the American producer, Mr Kip Tom, has awakened a new era of technological grain production. It is a pity that the land issue dominated discussions and that we could not learn more from him.

However, Grain SA's staff got the message and will take this matter further to help each grain producer to make sense of the heaps of information. A recommendation from Mr Tom's side remains certain: "A dry year is perfect for gathering information". Let us ensure that we record the maize plants' reaction to the environment so that we are able to perform better in future.

I am also hopeful that we will, within the next few months, be able to present something substantial to the wheat producers with which to forge ahead. The attitude of all role-players is encouraging and if all can be integrated, it can be possible to enter a new dispensation. ■

Wit die WOORD

DS KOOS KIRSTEN



dink tog 'n slaggie aan jousef! Staan op vir jou regte! Jy sloof jou af vir hulle wat ondankbaar is. Jy doen ook niks vir jousef nie. Dit lyk asof jy niks vir jousef omgee nie en almal toelaat om op jou te trap. Klink dit bekend? Het iemand dit al vir jou gesê, of het jy dit dalk al vir iemand anders gesê?

Dink nou vir 'n oomblik wat met ons sou gebeur het as die Here Jesus hierdie gesindheid gehad het. Hy wat die Seun van God is en wie alles van sy Vader gaan erf (Rom 8:17). Hy het glad nie aan Homself gedink toe Hy na die aarde gekom het nie. Dit was vir Hom 'n groot vernedering en boonop het dit met baie pyn en lyding gepaardgegaan. Hy het Homself tot die dood toe verneder om ons van ons sonde en ellende te red.

Dit is egter nie al nie! Hy het dit nie vir goeie en gawe mense gedoen wat net die beste verdien nie. Hy het dit vir mense gedoen wat die ewige straf en hel verdien. Meer nog, Hy het dit vir ons gedoen toe ons nog vyande van God en daarom ook vyande van Hom was (Rom 5:10). Hy het alles opgeoffer ter wille van sy vyande.

Vir ons as gelowiges is dit steeds moeilik om net vir ons vyande te bid, laat staan nog vir hulle te sterf. Hy het dit vir ons gedoen om ons met God te versoen, om ons kinders van God te maak, sodat ons nie meer vir ewig verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Dit is mos meer as genoeg rede om innig en diep dankbaar te wees. Ons kan baie keer en met baie verskillende woorde dankie sê. Ons moet ook daarmee saam met ons lewens wys dat ons dankbaar is. Jou dankbaarheid kom in gehoorsaamheid aan God tot uitdrukking. Wees dan as Christen dankbaar deur te doen wat God van jou verwag, deur nie aan jousef te dink nie, maar aan Hom wat sy lewe vir jou gegee het. ■

Wen 'n Bybel Ook beskikbaar in Engels, Zulu en Xhosa.

Stuur 'n e-pos na ostledv@mweb.co.za of faks na 086 275 4157 voor die einde van die maand waarin die uitgawe verskyn en staan 'n kans om hierdie Bybel te wen.

bybelgenootskap van suid-afrika

Baie geluk aan Stoffel du Toit van Hermanus wat vir die Januarie-uitgawe van SA Graan/Grain die gratis Bybel gewen het.

ONS IS ALLES BEHALWE 'N MOOIWEERS- VERSEKERAAR.

Of dinge nou skeef of volgens plan verloop, jy kan op ons staatmaak. As die leier in oesen bateversekering glo ons dat dit jare neem om goeie verhoudings met kliënte te bou. Verhoudings wat ons toelaat om jou behoeftes en risiko's beter te kan verstaan sodat ons innoverende risiko-oplossings kan ontwikkel. **Santam. Regte, egte versekering.**



Praat met jou makelaar om meer uit te vind oor Santam Landbou se unieke versekeringsoplossings wat spesifiek vir die moderne boer saamgestel is. www.santam.co.za



Minister Senzeni Zokwana was die eerste landbouminister sedert 2004 om Graan SA se kongres by te woon – en dit nogal op dieselfde dag as wat hy verjaar, op 4 Maart. Die enigste LUR vir landbou wat by die kongres te siene was, was Me Manketsi Thlape van die Noordwes Provinsie.

Minister Senzeni Zokwana was the first agriculture minister since 2004 to attend the Grain SA Congress – and on the same day that he celebrates his birthday, on 4 March. The only MEC for agriculture at the congress was Ms Manketsi Thlape from the Northwest Province.

Op die **KANTLYN**

49% ↓

The Brent crude oil price is 49% lower than this time last year (13 March 2014). The main contributor to the diesel price increase is mainly the weak rand. The price of diesel is likely to be at the same levels as in April 2014 – R11,70 per litre.

– Wandile Sihlobo, Grain SA economist

THE SOUTH AFRICAN RAND IS AT ITS WEAKEST LEVELS SINCE DECEMBER 2001

R12,42/US\$ on 17 March 2015. This is due to negative sentiments from both domestic and international fronts.

– Wandile Sihlobo, Grain SA economist

11 million tons

The possible level to which the Chinese government might limit annual grain imports due to massive stocks. Imports of 11 million tons would be 43% below 2014 levels.

– China's Agricultural Ministry Chief Economist

“ **Grondhervorming is 'n prioriteit wat die landbousektor se volle ondersteuning het. Die sukses van grondhervorming moet egter gemeet word aan die mate waartoe nuwe toetreders 'n positiewe bydrae lewer tot voedselsekerheid, werkskepping en landelike ontwikkeling. Daarom is die plig van alle rolspelers in landbou om te verseker dat nuwe toetreders tot die sektor bemagtig is met die regte kennis en vaardighede om 'n sukses van hulle boerdery-ondernemings te maak.** ”

– Hendrik Ackermann, voorsitter van Agri SA se Arbeid- en maatskaplike Beleidskomitee in 'n Agri SA Mediaverklaring op 11 Maart 2015



Beste Kleinneef

Baie dankie vir die oorspronklike briewe wat altyd agter in die SA Graan/Grain-tydskrif verskyn. Jou briewe vang daadwerklik die Suid-Afrikaner se uniekheid vas.

Groete uit Noordwes

– GERHARD LÜSSMANN

TREK ROOI KRINGE OP JOU KALENDER
12 tot 15 Mei: Graan SA se NAMPO Oesdag

Gee gerus jōu mening van die kantlyn af:



estiedv@mweb.co.za



083 490 9449

LEDE-LANDSKAP

'n 180°-blik op ons lede en tak-aktiwiteite

WILLEM VOOGT, bestuurder: Bemaking en Finansies, Graan SA



Graan SA-streeksvergaderings is weer 'n belangrike raakpunt

Graan SA gebruik streeksvergaderings om op 'n jaarlikse basis op 'n persoonlike vlak met produsente te kommunikeer rakende die werksaamhede van Graan SA en ook om die toekomstige strategiese fokusareas aan produsente mee te deel.

Tydens die vergaderings word daar verder in detail gekyk na graanmarkte en die syfers rondom die vraag en aanbod-scenario's. 'n Oorsig van inset- en produksiekostes per gewas is ook voorgehou gegewe die huidige insetpryse wat heers.

Dit skep ook die ideale geleentheid vir lede om belangrike knelpunte in hul streek onder die Dagbestuur van Graan SA se aandag te bring. Voorts besluit lede ook na afloop van die vergaderings oor wie die afgevaardigdes na Kongres sal wees.

Soos Suid-Afrikaners dit goed kan doen, geniet elke streek ná hul onderskeie vergaderings ook 'n gesellige saamkuier. Die afgelope reeks vergaderings is teen einde Februarie afgehandel en was 'n reuse sukses. Ten spyte van die droë toestande in meeste gebiede, ervaar ons 'n ongelooflike positiwiteit onder lede.

JHB TRACTOR SPARES
Specialists in replacement parts for
FIAT, FORD and NEW HOLLAND
Tel: (011) 615-6421/677-2100
Fax: (011) 622-4311/616-5144
Email: jhbtrac@icon.co.za
www.jhbtractorspares.co.za

Welcome

► Elray Stuurman was appointed in December 2014 as supporting officer in the Marketing division. Prior to joining Grain SA, Stuurman worked at Potatoes South Africa as a transformation administrator. – *Coretha Usher, HR officer, Grain SA* ■



SILOWAREHOUSE
Voermeulens en voerbuis vir hoender-, vark- en vesboere.
Sementilo's en "Ready-mix" -aanlegte vir die konstruksiebedryf.
Silo's, bakkiestryers, ewegare en rolsiwwe, groenskoonmakers, bondvoerders en sleepkettings.
Top kwaliteit toerusting
E-pos: info@silowarehouse.co.za • www.silowarehouse.co.za
Tel: (012) 332-1469 • Faks: (012) 332-4523 • Sel: 082 492 7496



- ▲ 1: Johan Erasmus van Senekal, Jaco Breytenbach (Graan SA-hoofbestuurslid vir Streek 19) en Tom Beukes van Clocolan tydens die vergadering op Marquard.
- ▲ 2: Van die produsente wat die vergadering by Kaallaagte bygewoon het.
- ▲ 3: Produsente sit aandagtig en luister tydens die vergadering op Vrede.
- ▲ 4: Produsente in gesprek tydens die vergadering op Barberspan.
- ▲ 5: Produsente tydens Hoopstad se vergadering.
- ▲ 6: Louw Steytler (voorsitter: Graan SA) spreek produsente toe tydens die vergadering op Hoopstad.
- ▲ 7: Hentie Helm (voorsitter: Hoopstad Suid Boerevereniging) en Louw Steytler.
- ▲ 8: Ongeag die neerdrukkende landboustoestande, het talle produsente die vergadering op Odendaalsrus bygewoon. Die vergadering is op eg tradisionele wyse met 'n heerlike braai afgesluit.
- ▲ 9: Louw Steytler, Stefan Oberholzer (besturende direkteur: OVK) en Jaco Breytenbach tydens 'n vergadering wat einde 2014 op Ladybrand gehou is. Die dag is afgeskop met 'n ontbyt wat deur OVK geborg is.
- ▲ 10 en 11: Victor Mongoato (visevoorsitter: Graan SA) spreek produsente toe tydens die streeksvergadering op Matatiela.
- ▲ 12: Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) gesels met produsente tydens die streeksvergadering op Lichtenburg. ■

Bemagtigingsmodelle

wat in die Wes-Kaap werk

– Deel 2b

STEPHANUS RICHTER, produsent, Windheuwel en Genadeshoop Boerderye, Piketberg

In die eerste deel van hierdie artikel (in die Maart-uitgawe van SA Graan/Grain) is na die eerste stappe gekyk wat hulle op Windheuwel en Genadeshoop Boerderye gevolg het: Vergifnis, opoffering, opleiding, eie grond/sekuriteit en eienaarskap.

Die res van die stappe word vervolgens bespreek.

Stap 6 en 7: Ondersteuning

Die kontrakteurs het ondersteuning nodig en hulp moet verleen word sodat hulle so goed as moontlik in hul kontrakarea kan werk, met behulp van byvoorbeeld beter tegnologie (GPS) sodat ander tyd/koste-besparende aksies toegepas kan word.

Dit is hier waar langtermynfinansiering nodig is. Dit is egter afwesig in Suid-Afrika by tradisionele banke en bly 'n groot uitdaging. 'n Mens wil nou graag wegbeweeg vanaf krisisbeheer na langtermynvoorkoming.

'n Werkswinkelbestuurder is aangestel wat moes toesien dat alle dienste getrou gedoen word en dat alle toerusting altyd reg is vir werk. Die werkswinkel moet toerusting in sekere tydgleuwe diens. Buiten kontrakwerk, is daar ook baie ander take op die plaas wat gedoen moet word (onderhoudswerk, diere, voer en draadwerk). Daar is besluit op 'n uur/dagloon.

Die begunstigdes is die vryheid gegun om self te besluit wat hulle wou doen, maar met die verstandhouding van geen werk geen betaling. Die vennote van verskillende besighede moes nou leer om goed, hard en effektief met mekaar saam te werk. Soms word ander kennis wat behoeftig is gevra om sekere werke onder kontrak te doen.

Op Donderdae word vir die volgende week beplan en word dit in die bymekaarkomplek op 'n kennisgewingbord geskryf. Elkeen van die manne is gemotiveer om hard te werk en ekstra te doen, sodat hulle die voordeel kan trek om so gou moontlik toerusting af te betaal en dan "een voor" te wees.

Namate masjinerie afbetaal word, kan die individu beter toerusting aanskaf, wat hom weer in 'n beter (meer hektare teen laer kostes) posisie plaas. As masjinerie afbetaal is, sal daar groter winste toon, wat begunstigdes se lewenstandaarde baie sal lig.

Die uitdaging vir die individu is om nou gefokus skuld af te handel. Geen uitgawes buite die begroting moet aangegaan word nie.

Eerste dinge eerste. Die versekering moet egter gegee word dat die manne wat die plantkontrakte het, byvoorbeeld altyd die planterkontrakte sal kry, die stropermanne die stroperkontrakte, die transportman die transportkontrakte en die spuitman die spuitkontrakte. Elkeen is dus verseker van hul funksie in die besigheid, solank as wat die kontrakte goed gediens word.

Hierdie kontrakte word elke sewe jaar heroorweeg. Die eerste termyn is tot 'n groot mate 'n toets vir pa en seun. 'n Mens sal nou

sien of die wil, dissipline en die regte, positiewe gesindheid daar is. Met die tweede termyn, word dit egter verleng tot 14 jaar, omdat die toets dan reeds geslaag is.

Solank as wat die gesindheid en verhoudings op plaas reg is, sal daar nooit werk agterweë gelaat word nie. Elke persoon het egter self die vryheid om te kies waar hy sy gewig wil ingooi, maar liefde sonder daad is nie liefde nie. As mens dus oor tyd selfgesentreerd aanhou om jouself, jou emosies, begeertes en gevoelens voorop te stel en die res van die familie tweede, gaan jy jouself uitwerk.

"Papierwerk" en administrasie bly altyd 'n uitdaging. 'n Gemeenskaplike finansiële administrateur asook 'n finansiële konsultant/bestuurder, is aangestel. Alle boerderygegewens, rekeninge, kontrakure/foeie en dae gewerk op watter plaas, word nou weekliks op datum gehou, terwyl die finansiële bestuurder elke Vrydag 'n verslag voorhou van presies waar elke boerdery, maar ook elke individu, teenoor sy begroting staan.

Met tyd sal besef word hoe belangrik dit vir vennote is om hierdie inligting deurentyd te hê, om sodoende op 'n ingeligte wyse besluite te kan neem. Daar is 'n reëling dat een persoon (die voorsitter) teen ekstra vergoeding almal help dat hulle gegewens reg en betyds deurgegee word.

Dit is vir almal belangrik dat daar een finansiële kantoor is wat almal diens en omdat ons inmeekaargevleg is, moet almal 'n bydrae maak om salarisse aan die finansiële kantoor te betaal. Só kan hierdie koste vir almal laer gehou word. Vanaf die finansiële kantoor se kant kan hulle weer beding vir 'n beter prys by 'n boekhouer en vir 'n belastingopgawe. 'n Samewerkingsooreenkoms is tussen die onderskeie besighede opgestel.

In ons geval, het manne die gebruik van die werf om hulle besigheid vanaf te bedryf, verblyf in huise asook die stoor van toerusting in store, mentorskap en ook hulp met sekuriteit (plaaskoop), in ruil daarvoor dat:

- Elkeen self vir sy huis/erf verantwoordelikheid neem vir die instandhouding en verbetering daarvan.
- Ook is elkeen verantwoordelik vir eie krag/water/vullisverwydering.
- Elkeen het ook 'n verpligting om die verantwoordelikheid te neem vir die area op die werf waar sy toerusting gehou word en om dit netjies te hou.
- Werf-, plaas- en huisreëls, wat redelik streng is, om 'n hoë standaard te handhaaf, moet deurlopend eerbiedig word.

Hierdie samewerkingsooreenkoms word jaarliks hersien. Daar is egter ook ooreengekom dat wanneer toerusting afbetaal is, die kontrakteur dan vorentoe huur gaan betaal vir stoorplek. Dit is 'n motivering om groter te dink en te spaar vir byvoorbeeld 'n industriële erf. Ook om 'n eie plaas af te betaal en nog 'n plaas met store aan te skaf.

Dit is baie belangrik dat die finansiële kantoor beman word deur hulpvaardige mense met groot harte. Hulle speel 'n baie groot rol



▲ 1: Mias Wagenstroom en sy seun, Damian, by een van hul implemente.
 ▼ 2: Gary Toontjies saam met sy pa, Galant, by een van hul plaasvoertuie.

in elkeen van hierdie mense se lewens; nie net in elkeen se besigheid nie, maar ook in hulle persoonlike lewens.

Deur gawes en talente saam te gooi, betaal 'n mens baie minder skoolgeld en kan elkeen ook sy roeping meer gefokus beman. Elkeen kan dus sy funksie vervolmaak.

Onthou: Ons is nie saamgevoeg of geroep om mekaar se sakke vol te maak nie. Ons is geroep om ander in 'n verhouding met God te kry en hulle dan by te staan om hulle Godgegewe roeping uit te leef.

Stap 8: Afronding

Al die projekte/besighede moet nou vervolmaak word, sodat nuwes bygeneem kan word. Daar kan geleenthede bygevat word, maar moenie bestaande projekte verstadig nie. Dis hier waar ons nou is in ons proses en ons werk met 'n sewejaar-plan vir ons besighede.

Ons moes 'n kollektiewe "managing/bank" stig om al die langtermyn-behoefes te bevredig. Windheuwel voorsien dus sekuriteit, bestuur en ondersteuning aan elke lid, terwyl Genadeshoop die operasionele gedeelte beman.

In die kort termyn moet toerusting afbetaal word, maar daar moet nou al weggesit begin word vir langtermynbehoefes. Ons ondersoek die moontlikheid om aandele in besighede aan familieledede beskikbaar te stel.

Hierdie aandele kan individue help om hul vervanging (sekuriteit) te doen, maar ook om met aftrede dividende te ontvang. Dit is egter nog iets waarnatoe ons beweeg. Ook moet seuns se oornome en pa's se betrokkenheid ná aftrede reg bestuur word.

Ontwikkel en groei om doelwitte te bereik. Boerderye word nie meer net beskou as besighede waardeur geld gemaak kan word nie, maar eerder projekte om mense te plaas, te bekwaam, te vestig en te ondersteun, sodat almal kan gedry.

Besighede sal groei namate mense groei. Algehele ferm verantwoordelikheid moet deur leiers van families gevat word. Almal moet so goed as kan versorg word in hulle verskillende ouderdomsgroepe.

Kinders begin nou trou en gaan huise en groter inkomste vereis. Dit is normaal en moet volwasse hanteer word. Daar is mos 'n familiekultuur en dit is ons hart dat ons almal as gesinne saam leef, saam speel, saam werk en saam oud word, tot eer en verheerliking van sy Naam.

Voorlaaste woord

Soos genoem was daar in die beginjare geen hulp van buitebesighede nie. Dit was goed vir verhoudings en ook om vas te lê in jou hart vir watter redes jy die pad stap. Ek dink terug en besef dat al die kontantvloekrisisse, al die naels kou en agteroorbuig absoluut die moeite werd was.

Dit het ons as familie saamgebind en 'n band gevorm wat vorentoe nodig sou wees om die groot uitdagings wat voorgelê het (onder andere grondhervorming), te oorbrug. Ons het die wonderlikste mense op hierdie moeilike pad ontmoet en baie dankie aan julle almal vir julle liefde, hulp en ondersteuning.

Al die besoeke en vergaderings wat mnr Toit Wessels (ledebemaking en kommunikasiebeampte, Graan SA) en Liana Stroebel (ontwikkelingskoördineerder, Graan SA) so onbaatsugtig aanhou doen, het baie keer die wa deur die drif getrek.

Goeie opleiding en insiggewende vergaderings het ons telkemale weer eens gemotiveer en ook gedien as 'n platform waar ander projekte se nuwe era produsente ontmoet kon word om skouers te skuur. Toit en Liana se name moet in die Wes-Kaap se anale neergeskryf word, vir die herstel en groei wat hulle bewerk in verhoudings.

Wat staatshulp betref: Dit bly altyd 'n uitdaging omdat hulle kriteria en reëls redelik baie verander. Die deurslaggewende faktor is om met jou plaaslike landbouvoorligter saam te werk. Oor al die jare is Genadeshoop gehelp met R1,5 miljoen vir produksie-insette en R1 miljoen vir masjinerie.

Daar was baie aansoeke wat goedgekeur is, maar wat nooit deur die staat uitbetaal is nie. Ook was daar aanvanklik gevra om 'n vyfjaar-plan te gee met 'n uitkomstategie.

Dit het die illusie geskep dat daar by die vyfjaar-plan gehou sou word van die staat se kant af.



▲ 3: Daan Romber en Johannes Swarts beman die veeboerdery.

Bemagtigingsmodelle wat in die Wes-Kaap werk

Dit was nie die geval nie en ons moes maar saamstaan en help om kop bo water te hou. Ons het onnodig ons eie tyd gemors deur ons voetjies te stamp, net om weer self saam skouer aan die wiel te moes sit.

Moet dus geensins jou beplanning of begroting opstel deur aansoeke in ag te neem nie. Laat dit 'n aangename verrassing wees as iets van hulle kant af kom. Ons weet mos wie ons Bron is.

Moet ook nie jou vertrouwe in ander boerderybesighede (gifmaat-skappye, kunsmismaatskappye, dieselverskaffers, masjineriefir-mas, banke, graanbemarkingsbesighede en landboumaatskappy) plaas vir hulp nie. Dit sal jou een teleurstelling op die ander spaar. Dit is nie die skade in verhoudings werd om ander onder druk te sit nie.

Wees lief vir almal en hou maar jou oë op die Bron – God. Sonder om sarkasties te wil wees, sien ek dit as my voorreg om op Hom te vertrou en nie ander se arm te draai nie. As hulle dit nie sien as 'n geleentheid (Jes 40:3 - 5) en hoogtyd om meer betrokke te raak in die red van ons land nie, is dit hulle saak. Die tyd van praat is verby.

Afsluiting: God eerste

Ek wil die eer by die Here hou, maar moet weer eens noem dat Hy baie van sy wonderlike kinders op die regte tye in ons lewens gestuur het, om ons te neem van een stap tot 'n volgende. Prys die Here vir sy koningryk wat reeds heers op aarde.

Omdat daar baie energie en geld in hierdie projekte ingaan, is dit moeilik om goed voorsiening te maak vir die oudag (in die vorm van geld), maar ons begin sien dat daar geliefdes om ons is wat die behoefte het om na ons om te sien.

Die onus rus swaar op produsente om grondhervorming te maak werk. As produsent is ek egter al gewoond om die minste in die waardeketting te wees. Maar wie eerste is, sal laaste wees, sê die Here.

Daar is nie eintlik 'n keuse oor wat gedoen behoort te word nie. Dit is 'n gegewe. Almal van ons is klaar betrokke. Of dit suksesvol gaan wees, hang van onself af. Hierdie stelsel hierbo genoem is ons storie en ons weet dit is vir mense wat leef vir dinge wat ewigheidswaarde het.

Jy sal moet glo en vertrou dat jy ná hierdie lewe jou eintlike beloning sal beërwe. Ook dat jou nageslag nie geld en besittings nodig het om 'n gesonde, vol lewe te ervaar nie, maar goeie ondersteuningsnetwerke/verhoudings/vriendskappe, mense in hulle roepings rondom hulle.

'n Produsent/landbouer moet dus daarop gerig wees om mense te respekteer/eer vir hulle gawes/vir hulle 'n geleentheid te skep/te ondersteun en saam te groei in ons verhoudings met mekaar en met ons God. *"It's in our serving that we receive the gift of our own restoration."*

Ek merk dat baie medeprodusente, landboubesighede en politici nou in vrees veg vir hulle posisie. Ook in vrees optree en in 'n magstryd gewikkel is op hulle plase, met mekaar en met politici. Miskien is hulle bang dat daar nie plase/eiendom/geld en geleent-hede is vir almal nie.

Ons moes ook hierdie vrese deurwerk. Jesus wys egter dat Hy met vyf broodjies en twee vissies meer as genoeg vir almal kon be-werk. Ons mag nie tyd mors met magstryde nie. Los dit vir diegene wat nog nie hulle identiteit in Christus gevind het nie. Daar sal al-tyd hulle wees wat mense afbreek/misbruik, laat ons maar net heelyd mense bou en dissipel, vinniger as wat hulle afbreek.

Die drie lesse wat ons by Hom leer is: Dit jou werklik gelukkiger maak om te gee as om te ontvang; dat wat jy saai, jy sal maai; en dat Hy absoluut in beheer is van alles.

Deur die hulp van ons Vader, Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees, gaan ons in geloof voort en bid seën toe vir ons land en sy mense. ■



▲ 1: Graan SA Kongres 2015 in sitting.

Kongres 2015 beklemtoon volhoubare graanproduksie gedurende grondhervorming

ALZENA GOMES, skakelbeampte, Graan SA en foto's: JOANIE SCHEEPERS, JEANÉ MEYER en ESTIE DE VILLIERS, SA Graan/Grain redaksie

Graan SA-lede, regeringsamptenare, landbourolspelers en ander belanghebbendes het op 4 en 5 Maart by NAMPO Park byeengekom vir die jaarlikse Graan SA Kongres. Die tema "Volhoubare graanproduksie tydens grondhervorming" het van meet af aan beloop om belangrike gesprekspunte uit te lig en lewendige debatte aan te moedig.

Die Kongresagenda het onder meer die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, mnr Senzeni Zokwana, as hoofspreekter ingesluit sowel as 'n insiggewende voorlegging deur mnr Kip Tom (besturende lid van Tom Plase LLC, Indiana, USA).

Die agenda het bykomend gefokus op die versoening van die Nasionale Ontwikkelingsplan en voedselsekerheid sowel as 'n navorsingsfokus vir die graan- en oliesadebedrywe vir volhoubare produksie. Ter aansluiting hierby, is die praktiese implementering van grondhervorming ook breedvoerig bespreek.

In die audiovisuele voorsittersverslag het mnr Louw Steytler (voorsitter: Graan SA) en mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) die hoogtepunte van die voorafgaande jaar uitgelig, die strategiese fokus van die organisasie vir die komende jaar bevestig en produsente verseker dat Graan SA, as gevolg van droogte-toestande in die komende jaar, hulle volle gewig sal ingooi om ons produsente deur hierdie moeilike tyd te dra. Die audiovisuele verslag het verder aan lede 'n blik agter die skerms gegee op die organisasie se werksaamhede in die verskeie afdelings. Die video is ook beskikbaar op die Graan SA-webtuiste.

Minister Zokwana bevestig dat droogte se impak prioriteite verander

In sy toespraak het minister Zokwana sy verbintenis tot die Suid-Afrikaanse graanbedryf sowel as die regering se bereidwilligheid om saam met georganiseerde landbou volhoubare graanproduksie te verseker, bevestig en het produsente vers verseker dat nuwe markte vir hul produkte verkry sal word, ten spyte van die huidige droogte-toestande.

Die minister het verder klem gelê op die aanwending van tyd en hulpbronne om volhoubare produksie te handhaaf en het 'n beroep op alle belanghebbendes in die waardeketting gedoen om insette te lewer en ondersteuning te gee om 'n ramp – nie net vir die produsente nie, maar vir die hele sektor – te voorkom.

'n Staande applous vir die minister is voorafgegaan deur sy beroep op die Graantrusts om hul vennootskappe met Graan SA voort te sit, om sodoende volhoubaarheid in landbou se oorgangstyd te verseker na hy afgevaardigdes die versekering gegee het dat die Departement baie naby aan 'n deurbraak is om die probleme van nuwe era kommersiële boere, wat sukkel om finansiering te bekom, op te los.

Volhoubare graanproduksie tydens grondhervorming

Mnr Kip Tom het tydens sy voorlegging die datawetenskap waarmee hy besig is aangespreek om sodoende klem te plaas op maniere om die produktiwiteit in ons sektor en in Suid-Afrika te bevorder. Tom was beïndruk deur die waarneembare passie van Suid-Afrikaanse produsente en wou graag sy kennis deel oor hoe datawetenskap 'n rol in die produsent se besigheid speel om volhoubaarheid te verseker, die omgewing te bewaar, verhoogde produktiwiteit te bewerkstellig en om seker te maak elkeen doen sy deel om 'n alwig groeiende globale populasie te voed – 9,3 miljard teen 2050 om presies te wees – en dit met dieselfde natuurlike hulpbronne, soos grond en water, wat vandag tot ons beskikking is.

Tom het ter afsluiting nie net klem gelê op die versameling van data nie, maar ook die analisering daarvan sodat insig in die data verkry kan word en dienooreenkomstige voorstelle gemaak kan word wat lei tot die stabiliteit om te eksperimenteer en beperkte kansen ten volle te benut.

Voedselsekerheid en volhoubare produksie

Die eerste paneelbespreking, gelei deur mnr Max du Preez (skrywer, joernalis en analis) het hom ten doel gestel om oplossings te oorweeg om volhoubare produksie te bewerkstellig tesame met voedselsekerheid vir Suid-Afrika.

Die paneel het bestaan uit mnr Roelf Meyer (direkteur: In Transformasie inisiatief), brigadier-generaal John Gibbs (KwaZulu-Natal melkboer, wetenskaplike en lid van die SANW reserwemag) en dr Marinda Visser (bestuurder: Bedryfsdienste, Graan SA).

1. In ooreenstemming met die tema het Meyer klem gelê op hulle doelwit om verskillende sienswyses nader aan mekaar te bring

Kongres 2015 beklemtoon **volhoubare graanproduksie gedurende grondhervorming**

en om te verseker dat gemeenskaplikhede op die pad vorentoe gevind word om sodoende die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) prakties te laat werk. Gibbs het afgesluit deur die idee van 'n tipe "oorlogskamer" vas te stel. Dit sal verseker dat alle betrokkenes (insluitende relevante regeringsbelanghebbendes, die private sektor en veral die boeregemeenskap) bymeekaarkom om probleme aan te spreek om die gaping deur dialoog te sluit om sodoende vorentoe te beweeg op 'n wedersydse en gemeenskaplike basis.

Dr Visser het 'n oorsig van die graanproduksieplan aan Kongres voorgelê – 'n bloudruk vir landbou se toekoms oor die volgende vyf jaar en het verder beklemtoon dat navorsing en ontwikkeling slegs sal slaag in samewerking met die regering.

Graan SA het in die laaste drie jaar verhoudings gebou met sleutel strategiese regeringsvennote en is deel van 'n formele forum wat kwartaalliks byeenkom om kwessies en gemeenskaplike belange te bespreek, wat Graan SA ook die geleentheid gebied het om insette te lewer in sleutelkommoditeitsdokumente en -beleide.

Praktiese implementering van grondhervorming

Die tweede kongresbespreking, geopen met 'n voorlegging deur mnr Japie Grobler (voorsitter: Agri Sektor Eenheidsforum (ASUF)) het die praktiese implementering van grondhervorming gedek. Tydens die aanbieding van 'n werksdokument, het Grobler klem gelê op die belangrikheid van suksesvolle grondhervorming binne die konteks van die handhawing van die produktiewe kapasiteit van die land, die instandhouding van binnelandse voedselsekerheid, die vermoë om minderbevoorregte buurlande te ondersteun en waardevolle buitelandse valuta deur uitvoere te verdien.

Die paneel het bestaan uit mnre Schalk Pienaar (voorsitter: Agbiz), Andrew Makenete (direkteur: Manama Hole en Musa Capital) en Ralph Swart (eenaar: Swart Boerdery en die 2014 Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar).

Pienaar het bevestig dat grondhervorming (en by definisie die finansiering daarvan) slegs suksesvol sal wees as die ware doel-

wit daarvan is om volhoubare, lewensvatbare en ekonomiese voedselproduksie te verseker, wat beaam is deur Ralph Swart se bevestiging dat grond eienaarskap die grootste probleem regdeur die land is, te saam met boerdery wat volhoubaar moet wees.

Mnr Andrew Makenete het verder praktiese voorstelle vir grondhervorming bespreek en aangedui dat grondhervorming in Suid-Afrika 'n gebalanseerde siening benodig. Hy het verder die belangrikheid van die landbousektor beklemtoon en het afgevaardigdes verseker dat almal deur die proses ontnugter is as gevolg van die stadige pas aan die een kant en onsekerheid aan die ander – en alhoewel baie geld reeds spandeer is, is dit nie goed bestee nie.

In sy toespraak het Makenete verskeie voorstelle en opsies bespreek en tot die konklusie gekom dat daar beslis 'n nuwe benadering tot grondhervorming benodig word, aangesien navorsing aandui dat grondplafonne in die algemeen nie 'n goeie idee is nie. Makenete het verder beklemtoon dat internasionale beste praktyke beduidend toon in die guns van familieplase wat beter werk as dié van korporatiewe plase, en wie se saak bepleit moet word.

'n Eerste in die industrie – Momentum Finansiële Welstand vir Graan SA-lede en hul plaaswerkers

In 'n eerste vir die landboubedryf, het Graan SA ook 'n finansiële welstandsprodukt vir sy lede en hul plaaswerkers bekend gestel, in 'n opwindende nuwe strategiese vennootskap met Momentum. Lees gerus op bladsy 22 meer oor dié vennootskap.

Die pad vorentoe

Kongres se vertroue in die Graan SA-bestuur is weer bevestig met die hervekiesing van die voorsitter, mnr Louw Steytler, sowel as beide visevoorsitters, mnre Andries Theron en Victor Mongoato in hul onderskeie ampte.

Graan SA bedank alle rolspelers, borge en vennote wat bygedra het tot 'n uiters suksesvolle 2015 Kongres. Ons sien uit daarna om in die komende jaar hande te vat om 'n verskil in georganiseerde landbou teweeg te bring en 'n positiewe en sinvolle bydrae te lewer tot voedselsekerheid in ons mooie land.



▲ 2: Graan SA se leierskap wat Kongres voorafgegaan het: Nico Vermaak (bestuurder: Korporatiewe Dienste), Louw Steytler (voorsitter), Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder), Andries Theron (visevoorsitter) en Victor Mongoato (visevoorsitter).
 ▼ 3: Dawie Spies (Manne van die Woord) het Kongres op 'n gepaste wyse geopen.

Afgevaardigdes en gaste



- ▲ 4: Kongresgangers vanuit Hertzogville se omgewing: Voor: Gys Olivier, Johan van Rensburg en Johan Groenewald. Agter: Cassie Maree.
- ▼ 5: Voor: Ezekiel Pholo (Lombardslaagte), Solomon Masango (Carolina) en William Matasane (Senekal). Agter: Klerk Melken (Mofufutso), David Maleleka (Harrismith), Lungile Mpomela (Sannieshof) en Thabo Macholo (Harrismith).
- ▼ 6: Lungelwa Kama, Graan SA/Syngenta Kleinskaalse boer 2014 (Maclear), Martha Mafabatho (Wesselsbron) en Anna Mapnyane (Brooksby).
- ▲ 7: André Strydom (Rysmierbult), Pierre Vercueil (voorsitter: Suidwes direksie), Hansie Viljoen (Graan SA-hoofbestuurslid vir Streek 3) en Francois Strydom (besturende direkteur: Senwes).
- ▼ 8: WH van Zyl (Wesselsbron), dr Jan du Preez (voorheen van die LNR-Instituut vir Graangewasse) en dr Hendrik Smith (bewaringslandboufasiliteerder, Graan SA).
- ▲ 9: Renier Swart, Pieter-Renier Nieuwoudt en PG van Zyl – almal van Schweizer-Reneke.
- ▼ 10: Willie Boeyens (Allanridge), Ignatius Maas (Wesselsbron), Chris Schoonwinkel (Graan SA-hoofbestuurslid vir Streek 21), Jaco Taljaard (Allanridge) en Abri Lock (Schweizer-Reneke).
- ▼ 11: Voor: Michael Armitage (Standerton), Jaco Goosen (Standerton), Derik Peach (Middelburg, MP), Gerrit Roos (Belfast) en Bart Harmse (Graan SA-hoofbestuurslid vir Streek 11). Agter: Rudolph Schoeman, Jannie Schoeman en Jan Schoeman (almal van Middelburg).
- ▲ 12: Michel Gildenhuis (Heidelberg, Wes-Kaap), WG Treurnicht (Porterville), Olivier Slabbert (Hopfield), Hennie Visser (Piketberg), Toit Wessels (ledebemarking en kommunikasiebeampte, Graan SA) en Pieter-Jan Delpont (Caledon).
- ▼ 13: Van Viljoenskroon: Jimmy Shahim, Ashley Whitfield, Geoff Allem, Arno Cronjé, Cobus van Coller (Graan SA-hoofbestuurslid vir Streek 23), Stephan Kruger en David Evans.

Kongres 2015 beklemtoon **volhoubare graanproduksie gedurende grondhervorming**



- ▲ 14: Funnani Sundani (ekonoom: Graan SA) help Bernard Meyer (Petrus Steyn) om vir Kongres te registreer.
- ▲ 15: Francois Grimbeek (Ficksburg), IG Wille (Ficksburg), Tom Yzel (Marquard) en Jacques Coetzee (Marquard).
- ▲ 16: Van die damespersoneel van Graan SA op hulle pos by Kongres: Elda-Beth van den Berg, Nydia Odendaal, Marina Kleynhans, Rialeen Lombard en Petru Fourie.
- ▲ 17: Joseph Swanepoel (Graan SA-hoofbestuurslid, Streek 8), Conrad Griessel (Brits) and Naas du Plessis (Brits).
- ▲ 18: Wandile Sihlobo pryk trots saam met van die Graan SA-damespersoneel: Luzelle Botha, Funnani Sundani, Jane McPherson en dr Marinda Visser.

Minister van Landbou, Bosbou en Visserye besoek Kongres



- ▲ 19: Jannie de Villiers, Manketsi Tlhape (LUR van Landbou van die Noordwes Provinsie), minister Senzeni Zokwana (Minister van Landbou, Bosbou en Visserye), Louw Steytler en Victor Mongoato.
- ▲ 20: Die media het die geleentheid gehad om tydens perskonferensies wat gehou is, met die sprekers by Kongres te gesels en vrae aan hulle te stel.
- ▲ 21: Tydens die eerste perskonferensie het Louw Steytler (voorsitter: Graan SA) minister Zokwana bedank omdat hy ingegryp het en gesorg het dat die besproeiingsprodusente langs die Oranjerivier nie die afgelope tyd aan beurtkrag onderwerp is nie. By hulle is Manketsi Tlhape (agter) en Victor Mongoato, heel regs.
- ▲ 22: Annette Steyn (die Demokratiese Alliansie se skaduminister van Landbou, Bosbou en Visserye) het ook die kongres bygewoon en wissel hier 'n paar woorde met minister Zokwana en Jannie de Villiers.
- ▲ 23: Spesiale erkenning is gegee aan minister Senzeni Zokwana en aan die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye vir hulle ondersteuning en bystand aan die Suid-Afrikaanse graan- en oliesadebedryf en vir die bevordering van hierdie bedryf deur die skep van uitvoergeleenthede. Louw Steytler het die oorhandiging gedoen.

Sustainable grain production amidst land reform analysed

JENNY MATHEWS, SA *Graan/Grain* contributor

I must admit to being somewhat sceptical when I saw the name of the Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, Mr Senzeni Zokwana, in the Congress programme and silently wondered if he would be sending a representative in his place, as in years past.

But, not only did minister Zokwana personally deliver his speech, he also spent a day in our midst braving the tensions in a way that earned him respect and gave us reason to hope that we have a leader who will listen to us.

Minister Senzeni Zokwana

The minister empathised with producers facing the debilitating drought: "The grain industry is hurting and I insisted to be here at your Congress with you to share your pain."

His ministry is concerned about the sustainability of producers and he is aware that we need to establish new markets as demonstrated when he signed the trade deal with China in December.



▲ 1: Minister Senzeni Zokwana addressing Congress.

“

I'm your ambassador,
not only the Minister of
Agriculture. I want to work
with your leaders.

— Senzeni Zokwana, Minister of
Agriculture, Forestry and Fisheries

”

Grain SA recognised this contribution by awarding a certificate for their support, assistance and promotion in creating export opportunities for the South African grain and oilseed industry.

The minister confirmed that government is aware of the threat of food insecurity and consequently eager to support producers to improve production capacity. He said that government needs to guarantee producers a chance to compete globally.

Another issue is the need to look at the rising cost of inputs, like fertiliser prices. He expressed concern that the drought will seriously impact producers' ability to produce next season and the proportion of the disaster will reach far beyond the farming community. He is of the opinion that government needs to look at provincial governments' declaring disaster areas so that producers can plant next year. He undertook to ensure sustainable production.

Minister Zokwana did not shy away from the "hot issues" and his message was: We need to talk to each other. Producers must come up with counter proposals. The value of constructive dialogue emerged as a strong theme and he asserted by saying: "We need your help; we need to listen and understand other's views so we can take better decisions".

The land ceiling issue must be debated and he'd be engaging the Minister of Rural Development and Land Reform to ask how much scientific research has been done on the 12 000 ha figure. On the 50/50 farm worker partnerships, he advised producers to be proactive in seeking solutions. It is not government's intention to stop producers from producing; but the reality is that we need to ensure that more people have access to land.

The development of black farmers or new era farmers is not intended to replace existing white producers, but rather an effort to create a bigger family of producers. He asked white commercial producers to work together as "teachers of those who have been less privileged".

Minister Zokwana assured us that he is aware of the seriousness of the lack of access to finance for new era farmers and said that a breakthrough is close as partnerships are developed between the National Agricultural Marketing Council (NAMC), the Jobs Fund and his department.



▲ 2: Kip Tom
 ▼ 3: Roelf Meyer

▲ 4: John Gibbs
 ▼ 5: Dr Marinda Visser

Sustainable grain production amidst land reform analysed

He acknowledged the role Grain SA is playing through its Farmer Development programme saying they have set a benchmark through the valuable training and mentorship which has been delivered. This conviction prompted him to make a call on the Grain Trusts to continue with their partnerships with Grain SA to have sustainable production during this time of transition as this cooperation is already delivering excellent results.

He recognised that government not only needs to give producers confidence to continue producing by creating a policy environment which is conducive to food production; it also needs to address issues which will guarantee that producers have a chance to compete globally.

Zokwana confirmed that 50% of our wheat consumption is imported and that this needs to be addressed so that local capacity for production and consequently job creation is improved. This crisis in the wheat industry was addressed further later in Congress.

Mr Richard Krige, from the southern Cape, proposed that even if wheat was produced at no profit, there would still be positive spin-offs amounting to R5 billion plus into the local economy rather than us helping other countries' economies to thrive!

The minister said that government is concerned about farm security. "The state wants to protect you. These people are criminals who will kill anyone."

He called upon producers not to be discouraged, saying he is hopeful we can progress to a place where we forget about the language we speak and the colour of our skins and look at ourselves as producers. "I'd like to see your kids falling in love with farming and we can only do this if farming is made fashionable by those who make legislation and those who farm."

I'm not ashamed to say that there were a few wet eyes among those listening to his closing words: "Ek wil luister, ek wil saam met julle wees, ek wil verstaan. Your fears are our fears; your troubles are our troubles – and together we can make a better South Africa!"

Kip Tom

Continuing the theme of sustainable production, a producer from Indiana (USA), Mr Kip Tom, shared his vision of the role data science will play:

- towards insuring sustainability;
- protecting the environment; and
- increasing productivity and feeding 9,3 billion people by 2050.

Clearly we need a revolution in the way we do agriculture. This will be achieved through biotechnology; informatics – remote moni-

“ At the Grain SA Producer of the Year awards ceremony, minister Zokwana undertook to become a champion of agriculture – and he has done so. I am of the opinion that for the first time we have a man who we can do business with – who is honest and straight.

– Louw Steytler, chairman of Grain SA

tors and sensor controls in our equipment; and now “cognitive computing” – the ability to use information from the past to make changes in the future.

Technology is becoming more affordable and easier to use to measure, monitor and control. Satellites or drones will be flown over a field and within hours we'll have the know-how to remedy a problem. We must embrace those tools – adapt or die – as we can't do things the same way as in the past. We need to cultivate the passion to do what is right for the future.

Roelf Meyer

Mr Roelf Meyer chairs *In Transformation Initiative* promoting the concept of dialogue towards finding solutions for conflict situations. They are currently promoting dialogue in South Africa in the context of the National Development Plan (NDP), food security and land reform.

They have held three imbizos along with the secretary general of the ANC, where the focus is on bringing different views closer to each other, accepting different mind sets, addressing issues and trying to discover commonalities. The goal is to establish a “War Room” where government, the private sector and the farming community can debate issues.

Mr John Gibbs, a KwaZulu-Natal dairy producer, has been contracted to look at models where the NDP can be practically applied. He

believes that significant progress is being made in closing the gap between viewpoints.

This happens where the focus is on what drives investment in agriculture in South Africa – issues which affect all producers:

- The value of land and its capital gain
- The operating profit and return on investment
- The tax regime which government applies to the farming sector

Any imbalance in these three key issues creates risk. We have to get involved in narrowing “the strategic gap” between producers and policy makers. During the panel discussion, Meyer emphasised that the producers they meet at the imbizos are not narrow minded and are constructively looking for solutions.

Dr Marinda Visser

Dr Marinda Visser, manager: Industry Services, Grain SA, emphasised that: “For research and development to be successful, we need cooperation, especially from government.

“We need to adapt or die. Our plan is to make sure we have the best molecular biotechnology markers and techniques available to us to make sure that we can overcome the problems we are facing.”

The Q & A session delivered burning issues, but panel chair, Mr Max du Preez (writer, journalist and analyst), advised listeners: “We must learn to sift through the rhetoric, calm down and listen to the special things the minister has said today.

“We have seen other countries in Africa where emotions led people into grabbing land without plans. We would rather see a land reform process linked to increased production, it creates certainty and it retains jobs. You cannot address the ills of the past

“

A key ingredient to land reform remains the involvement of the existing commercial producers in this venture.

– John Gibbs, KwaZulu-Natal dairy producer

”

by saying the current generation has to pay. What we need now is to be rational enough to say change has to happen; but in a way that is sound and by which food security is guaranteed.

“Producers must beware of sensationalists. A person who says we will grab land without compensation does not belong to the parliament I’m in.

“Misconceptions must be dealt with. If any producer believes he is regarded in a bad light, it is not what the organisation I am in believes in.

“There has never been a meeting I’ve been in; nor do I know of any belief within the ANC that white commercial producers are not needed now or in the future.” ■

Kongres 2015 beklemtoon **volhoubare graanproduksie gedurende grondhervorming**

Paneelbespreking tydens Kongres



- ◀ 24: Die paneelbespreking is gelei deur Max du Preez (skrywer, joernalis en analis) en daar is geleentheid gebied vir interaksie met die onderskeie sprekers en lede van die paneel deur gesprekvoering en die aanwending van sosiale media.
- ▲ 25: Die volgende persone het aan die eerste paneelbespreking “Volhoubare graanproduksie tydens grondhervorming” deelgeneem: Roelf Meyer (direkteur: In Transformation Initiative), dr Marinda Visser, Kip Tom (produsent van Indiana, USA) en minister Senzeni Zokwana.
- ▼ 26: Die tweede paneelbespreking (“Die praktiese implementering van grondhervorming”) se paneel het bestaan uit: Schalk Pienaar (voorsitter: Agbiz), Ralph Swart (nuwe era produsent van Elim), Andrew Makenete (direkteur: Manama Hole en Musa Capital) en Japie Grobler (voorsitter: ASUF).

Dankie, ons waardeer julle!



- ◀ 27: Die voorsitter het Graan SA se personeel bedank vir die lang ure en harde werk wat hulle insit om die graanprodusente van die land te dien.
- ◀ 28: Dr Jan Dreyer (voorheen van die LNR-Instituut vir Graangewasse) en dr Cobus le Roux (algemene bestuurder: LNR-Veldgewasdivisie) het vir die 15de jaar as hoofstembesprekers by Kongres opgetree. ■



▲ Louw Steytler, Jannie de Villiers, dr Marinda Visser, dr Hendrik Smith en Jane McPherson was in die DVD aan die woord.

Ons moet aanbeweeg na "ons"

ADRI THERON, SA Graan/Grain medewerker

Graan SA se voorsitter en uitvoerende hoofbestuurder se digitale boodskap, wat tydens Kongres uitgesaai is, het die klem op samewerking gelê, want as Suid-Afrikaners saamwerk kan ons probleme soos grondhervorming oplos en só verseker dat daar voedselsekerheid en stabiliteit in ons land is.

In 2014 was Graan SA se hooffokus grond en volhoubare produksie. Heelwat tyd en energie het gegaan in die vestiging van 'n holistiese benadering tot grondhervorming en bewaringsgeoriënteerde ekonomies-lewensvatbare graanproduksie.

"Graan SA is 'n moderne organisasie met 'n moderne benadering tot die samelewing," so sê mnr Louw Steytler, voorsitter van Graan SA. "Ons verstaan die uitdagings wat ons in die gesig staar; ons verstaan die noodsaaklikheid van transformasie in ons samelewing en ons verstaan die vrese en aspirasies van Suid-Afrikaners – veral in die landbousektor. Ons probeer om die uitdagings wat swart ekonomiese bemagtiging en grondhervorming bied, op te los sonder om die voorreg van voedselsekerheid wat alle Suid-Afrikaners geniet, te vernietig.

"Ons het ons verhoudings met die landbousektor se eenheidsforum, ASUF, versterk. Ons het voorts ook kapasiteit beskikbaar gestel sodat ons seker is daar is genoeg mense om die debat met die regering te bevorder. Ons het ook 'n groot debat met Agri SA, met wie ons geaffilieer is, gehad om te verseker dat ons saamstem oor die beginsels waarmee ons onderhandelings benader. Dit lê in die bestek van ons invloedsefer en ons verantwoordelikheid om die samelewing in te lig oor die ware realiteite wat die produksie van kommoditeite in Suid-Afrika betref, sodat hulle werklik die ware ekonomie van landbou kan verstaan."


"2014 was nie net 'n gewone jaar nie. 'n Paar fundamentele goed het verander – en die eerste daarvan is waarskynlik grondhervorming. Ek wil dit vergelyk met 'n ou land wat oor jare geploeg is en gekompakteer het. Nou moet daar 'n diep skeurploeg gedoen word om daardie grond los te kry sodat bewaringsbewerking daarop toegepas kan word om nuwe vrug te bring. As 'n land moet ons ook deur so 'n proses gaan om by 'n nuwe bedeling uit te kom sodat die nuwe generasie 'n beter lewe en toekoms kan hê," aldus mnr Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder van Graan SA.

Me Jane McPherson, bestuurder: Graanprodusentontwikkelingsprogram, Graan SA, lei die span wat verantwoordelik is vir die

oprigting van nuwe toetreders tot boerdery. Sy sê dat daar tans verkeerdelik op grondhervorming, grondherverdeling en restitusie gefokus word. "Die fokus moet eerder wees op hoe ons dit gaan regkry dat die grond wat oorgedra word, gebruik word om by te dra tot die bruto binnelandse produk en ons voedselmandjie. Ons het die boere en daar is die moontlikheid van die herverdeling van grond, maar die uitdaging lê daarin om die twee punte bymekaar te bring."

Vir Graan SA is die fokus op die produktiewe gebruik van bewerkbare grond. "In Suid-Afrika het ons twee baie diverse stelsels. Daar is die kommunale stelsel waar mense tussen een en drie, miskien vyf hektaar grond het en aan die ander kant het ons die groot kommersiële produsente, waarvan 'n paar swart boere (of nuwe era produsente) is. Gelukkig is hulle getalle aan die toeneem, maar ongelukkig nie so vinnig soos wat ons sou wou hê nie en tot 'n groot mate is dit te wyte aan finansiering."

Om van 'n kleinboer na 'n kommersiële produsent te beweeg, vereis 'n totale nuwe insetvlak wat lei na 'n bottelnek in groeivloei (sien **Figuur 1**). Dit is waar georganiseerde landbou, die regering



Figuur 1: Kleinboere wat vorder na kommersiële produsente ervaar 'n bottelnek in groeivloei.



▲ Die voorsittersverslag is oudiovisueel aangebied – hier is Jannie de Villiers aan die woord.

en die privaat sektor die verskil maak. Deur hierdie gaping te vul, sal ons by grondhervorming verby beweeg en werklik transformeer.

Terselfdertyd moet ons elke graan- en sandkorrel koester; elke druppel water effektief benut. Bewaringslandbou is nie meer 'n opsie nie; dit het 'n noodsaaklikheid geword. Dr Hendrik Smith, Graan SA se Bewaringslandboufasiliteerder, sê die organisasie lewer 'n groot bydrae om hierdie benadering tot boerdery te bevorder.

“Wêreldwyd heers daar kommer oor die agteruitgang van ons natuurlike hulpbronne. Een van die groot probleme is intensiewe grondbewerkingsmetodes wat lei tot die ernstige agteruitgang van gronde. In Suid-Afrika is die grondverlies onder watererosie rondom 13 ton per hektaar per jaar. Ons verloor met ander woorde amper 3 ton grond per ton mielies per jaar wat ons produseer. Dit is eenvoudig net nie volhoubaar nie.

“Ons het gesien dat bewaringslandbou so belangrik is dat ons 'n aparte werkskomitee binne Graan SA geskep het om hierop te fokus en te verseker dat die inligting die produsente bereik. Ons vorm vennootskappe met veral produsente en hulle strukture, maar ook ander belangrike rolspelers, soos navorsers, insetverskaffers en vervaardigers.

Ons het ook vennootskappe met internasionale rolspelers, soos Argentinië, by wie ons baie leer oor bewaringslandbou. Op die oomblik sien ons 'n baie positiewe opwaartse kurwe in die aanvaarding van bewaringslandbou – veral in gebiede waar ons projekte in samewerking met produsente loods.”

Om die uitdagings van veranderende omstandighede in die natuur die hoof te bied, verg voortdurende navorsing en ontwikkeling oor 'n wye front. “As deel van ons langtermyn strategiese plan vir navorsing en ontwikkeling, het ons besluit om ons eie spesifieke graannavorsings- en ontwikkelingsplan te ontwikkel,” het dr Marinda Visser, bestuurder: Bedryfsdienste, Graan SA, gesê, wat hierdie funksie binne die organisasie bestuur.



▲ Volgens die voorsitter, Louw Steytler, probeer Graan SA om die uitdagings wat swart ekonomiese bemagtiging en grondhervorming bied, op te los sonder om die voorreg van voedselsekerheid wat alle Suid-Afrikaners geniet, op die spel te plaas.

“Daar is baie navorsing oor die sewe kommoditeite wat ons administreer – veral trustbefondsde projekte, maar ons het ook 'n nuwe rigting begin waar ons kyk na alternatiewe befondsing wat ons self inisieer en waar ons netwerke van wetenskaplikes aanstel om die navorsing vir ons te doen.

“Ons het tans twee projekte van dié aard, waarvan die een handel oor die bestuur van springhaasrotte op mielies en die ander een is 'n nasionale koringvoortelingsprojek wat ons doen in samewerking met die Departement van Wetenskap en Tegnologie.”

Naas tegnologie en grondbewaring is aanpassing by ekonomiese bewegings 'n sleutelement in volhoubare graanproduksie. “Dit is 'n realiteit dat Suid-Afrikaanse kommoditeitsproduksie in moontlik die mees kompeterende mark in die wêreld plaasvind, met bitter min regeringsondersteuning in die vorm van tariefbeskerming vir primêre produsente.

Finansiële welstand vir plaaswerkers

WILLEM VOOGT, bestuurder: Bemaking en Finansies, Graan SA

Graan SA en Momentum het hulle tot 'n opwindende strategiese vennootskap verbind wat Graan SA-lede in staat sal stel om vir hulle en hul plaaswerkers produkte uit te neem ten einde finansiële welstand vir hul plaaswerkers te bring vanaf so min as R29 per maand. Hierdie is maar net een van die voordele wat Graan SA aan sy lede bied as deel van lidmaatskap by die organisasie.

Waarom het Graan SA die inisiatief geneem?

Een van Graan SA se strategiese fokusareas is arbeid. Graan SA het alreeds in 2013 begin met verskeie aksies om goeie arbeidspraktyke te beklemtoon. Terselfdertyd is daar ook ondervind dat 'n gebrek aan 'n eenvoudige, maklik toeganklike en bekostigbare oplossing 'n probleem is.

Graan SA het van die geleentheid gebruik gemaak om die beste oplossing te onderhandel namens sy lede.

Wat bied die produk?

Gebaseer op navorsing in die landbousektor, gedoen deur Momentum in 2012, is die volgende sleutelbehoefes geïdentifiseer in volgorde van belangrikheid:

- Begrafnisdekking
- Onderrigvoordeel
- Hospitaal-kontantvoordeel
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Effektetrust-spaarrekening

Tabel 1 bevat meer inligting rondom elke tipe dekking.

TABEL 1: GRAAN SA SE VOORDEELOPSIES VIR LEDE EN PLAASWERKERS.

PREMIEKOSTE PER WERKNEMER PER MAAND	OPSIE 1 R29	OPSIE 2 R55	OPSIE 3 R110	OPSIE 4 R176	OPSIE 5 R216	OPSIE 6 R289	OPSIE 7 R402	OPSIE 8 R578
Begrafnisdekking Hierdie bedrag word uitbetaal by die afsterwe van 'n werknemer, sy/haar lewensmaat (dekking vir tot twee eggenote). 'n Glyskaal sal vir die werknemer se kinders geld (dekking vir tot vier kinders). Indien die werknemer as gevolg van 'n ongeluk sterf, sal die uitbetaalde begrafnisvoordele verdubbel.	R10 000	R10 000	R20 000	R10 000	R10 000	R15 000	R20 000	R30 000
Opbetaalde begrafnisvoordeel – Werknemer sal by aftrede, of by sy/haar afsterwe ophou om premies te betaal, maar hy/sy en sy/haar familie sal dieselfde begrafnisvoordele lewenslank geniet.		Opbetaalde voordeel	Opbetaalde voordeel	Opbetaalde voordeel	Opbetaalde voordeel	Opbetaalde voordeel	Opbetaalde voordeel	Opbetaalde voordeel
Onderrigvoordeel Na afsterwe van 'n werknemer sal sy/haar kinders 'n enkelbedrag as onderrigvoordeel per kind ontvang, wat aan die kinders se voog betaal sal word (dekking vir tot vier kinders).	Nul	Nul	Nul	Nul	R10 000 per kind	R10 000 per kind	R10 000 per kind	R15 000 per kind
Hospitaal-kontantvoordeel Indien 'n werknemer vir meer as twee dae gehospitaliseer word, sal ons 'n bedrag uitbetaal vir elke dag dat hy/sy in die hospitaal was, tot 'n maksimum van 180 dae per kalenderjaar. Indien hospitalisasie die gevolg van 'n chroniese toestand is, sal ons tot 'n maksimum van 25 dae per kalenderjaar uitbetaal.	Nul	Nul	Nul	R200 per dag	R250 per dag	R300 per dag	R350 per dag	R500 per dag
Lewensdekking Indien 'n werknemer sterf, sal ons die bedrae soos getoon per opsie aan sy/haar begunstigdes uitbetaal.	Nul	Nul	Nul	Nul	Nul	R15 000	R20 000	R25 000
Ongeskiktheidsdekking Hierdie voordeel betaal 'n 100%-enkelbedrag aan jou werknemer uit indien hy/sy nie in staat is om voort te gaan met sy/haar werk, of die meeste van die take wat die werk behels nie. Afhangende of jou werknemer matig of ernstig gestrem is, sal 'n persentasiebetaling (van 25%, 50% of 100%) van toepassing wees.	Nul	Nul	Nul	Nul	Nul	R15 000	R20 000	R25 000
Effektetrust-spaarrekening Die volgende bedrae sal in 'n effektetrust-spaarrekening belê word as 'n vorm van aftreespaargeld, waaruit jou werknemers voordeel sal trek (beleggingsgelde van 1,06% per jaar).	Nul	Nul	Nul	R75	R75	R85	R150	R220

Ander voordele van die produk

Die produk belowe om maklik toeganklik te wees met die minimum administrasie vir werkgewers. 'n Toegewyde inbelsentrum by Momentum hanteer alle administrasie en eise. Begrafnisdekking word ook gewaarborg om binne 48 uur uitbetaal te word mits die nodige dokumentasie soos verlang in orde ontvang word. Momentum beskik ook oor 'n aanlynstelsel wat werkgewers toelaat om maandeliks die veranderinge aan sy personeelkorps aanlyn op te dateer.

Effektetrust teenoor 'n pensioenfonds

Ná deeglike oorweging is daar besluit om eerder 'n spaaropsie beskikbaar te maak in die vorm van 'n effektetrust. Lede sal merk dat die koste rondom die administrasie van pensioenfondse baie hoog is, veral wanneer dit as 'n persentasie omreken word. Wanneer die werknemer byvoorbeeld tussen R100 en R200 per maand spaar, kan die maandelikse koste tot R20 beloop, wat uitwerk op tussen 20% en 10% onderskeidelik.

Wanneer die effek van inflasie ingereken word, beteken dit dat pensioenfondse 'n opbrengs van tot meer as 25% per jaar moet behaal om te verseker dat 'n werknemer nie agteruit boer nie. Alhoewel effektetrusts nie beheer word deur onttrekkingsvoorwaardes nie, gee dit steeds aan werknemers die geleentheid om koste-effektief vir aftrede te spaar.

Vergelyk appels met appels

Wanneer produsente die produk teen ander produkte in die mark opweeg, is dit belangrik om seker te maak dat jy appels met appels vergelyk. Daar is verskeie voorwaardes betrokke by die tipe produkte wat oorweeg moet word.

Wagperiodes en ander voorwaardes

As deel van die voordele wat Momentum bied, het hul ook die wagperiodes gevrywaar met doodsdekking indien die werknemer

deel was van 'n soortgelyke skema. Dit gee werkgewers die nodige gerusstelling dat die wagperiodes nie van toepassing sal wees indien die produk aanvaar word nie. Die wagperiodes se voorwaardes verskil by die verskillende tipes dekking en jy word versoek om noukeurig te let op onderskrywingsvoorwaardes. Dit is ook belangrik om daarop te let dat alle permanente werknemers onder die produk ingesluit moet word om te kwalifiseer. Werkgewers kan wel verskillende opsies vir verskillende werknemers kies, maar alle permanente werknemers moet ingesluit word.

Hoe kry ek toegang tot die produk?

Graan SA is trots om die voortou te neem in die landbousektor met innoverende oplossings en ons moedig lede aan om deel te neem aan die inisiatief. Opbetaalde lede van Graan SA kan die nodige aansoekvorms aflaai op die Graan SA se webtuiste by www.grainsa.co.za, onder die Ledevoordele-seksie. Lede kan ook die Momentum toegewyde inbelsentrum skakel by 0860 333 334.

Indien jy nie 'n lid is nie en jy graag toegang tot die produk wil kry, kan jy gerus een van die volgende kontakte skakel by 086 004 7246 om jou lidmaatskap te aktiveer:

NAAM	E-POS	
Dirk Kotze	Ledebemarker	dirk@grainsa.co.za
Hans van der Berg	Ledebemarker	hans@grainsa.co.za
Toit Wessels	Ledebemarker (Wes-Kaap)	toit@grainsa.co.za
Patricia Mahlatsi	Lede-administrasie	patricia@grainsa.co.za
Elray Stuurman	Lede-administrasie	elray.stuurman@grainsa.co.za
Willem Voogt	Bestuurder: Bemaking en Finansies	willem@grainsa.co.za ■

Ons moet aanbeweeg na "ons"

Dit het 'n negatiewe effek op die winsgewendheid en volhoubaarheid van landboukommoditeitsproduksie – veral vir nuwe toetreders tot die landbousektor. Ons moet die landbou-omgewing in geheel holisties heroorweeg om 'n omgewing te skep waarbinne kommoditeitsproduksie kan floreer."

Visser sê voorts die feit dat die helfte van ons plaaslike koringbehoefte op invoere aangewese is, maak ons weerloos wat stapelvoedselsekerheid betref. Graan SA is daarom besig om alle belanghebbendes aan boord te kry om die herlewing van ons plaaslike produksie te fasiliteer. Wat die ander kommoditeite betref, dien die organisasie se markontwikkeling as dryfkrag en veiligheidsnet om produksie te stimuleer.

"Strategies het ons besluit om markte plaaslik en internasionaal te ontwikkel om seker te maak dat die produsente die vryheid het om meer te produseer," verduidelik De Villiers. "Die plaaslike hoenderbedryf en die geelmieliebedryf groei. Die witmieliebedryf het 'n plafon bereik, terwyl die sojabedryf baie uitgebrei het met die nuwe olieperskapasiteit wat opgerig is. Ons wag nog vir die bio-brandstofaankondiging – die sorghumbedryf behoort ook 'n groot inspuiting te kry wanneer dit gebeur. Ons is baie opgewonde oor die groei in uitvoeremoontlikhede. Die afgelope jaar het ons die ooreenkoms met China gefinaliseer en het ons 'n vrag mielies na Saoedi-Arabië uitgevoer. Dit is lande wat groot hoeveelhede mielies invoer, waarmee ons meer permanente verhoudings wil vestig."

In 'n omgewing wat deur verandering gekenmerk word, is vinnige toegang tot inligting kritiek. Graan SA het daarom sy kommunikasievoetspoor uitgebrei om, naas die gebruik van tradisionele

media, die effektiewe gebruik van die internet en sosiale media in te sluit. Dit verseker 'n onmiddellike interaktiewe dimensie en dien ook om die gaping tussen produsent en verbruiker te oorbrug. As sodanig sal hierdie kommunikasieskakels al meer belangrik word in 2015.

Volgens De Villiers gaan 2015 'n jaar wees waar daar gepoog gaan word om al meer op die sosiale sy van die besigheid te fokus. "Ons het al baie gedoen wat die opleiding van plaaswerkers betref, so ons wil nou verder gaan deur te kyk na die moontlikheid van poswaarderding vir die verskillende kategorieë van plaaswerkers, leiding te gee in terme van salarisse en miskien ook ander werksvoordele te verbeter."

2015 is ook die jaar waarin grondhervorming uitgesorteer sal moet word. As gevolg van droogtetoestande sal Graan SA baie energie gebruik om sy lede deur die komende moeilike seisoen te dra. Voorts sal gekyk word na die herstrukturering van die organisasie om toenemend aan die behoeftes van produsente te voldoen.

"Graan SA gaan 'n groot rol speel in die vereniging en genesing van die toekomstige landbousektor en sodoende ook die res van die samelewing beïnvloed," aldus Steytler. "Wat ons nodig het, is 'n eenvoudige visie vir ons toekoms, samewerking deur die bank en 'n ommeswaai na dié samewerking wat die hoeksteen was van oudpresident Nelson Mandela se visie vir Suid-Afrika, waar alle Suid-Afrikaners die uitdagings wat ons in die gesig staar aanvaar, omdat ons op daardie manier die uitdagings met redelike gemak sal oorkom. Die 'ons-en-hulle'-era is, sover dit ons betref, verby en ons moet aanbeweeg na 'ons.'" ■

The practical implementation of land reform openly discussed

JENNY MATHEWS, SA Graan/Grain contributor

Mr Japie Grobler, chairperson: Agri-Sector Unity Forum (ASUF) opened this discussion, but he first made a heartfelt appeal to young farmers to get involved as they are the ones who should care about the future.

Japie Grobler

Grobler presented the working document of ASUF, an organisation founded in 2012. Membership is comprised of the African Farmers Association, Transvaal Agricultural Union, Agri SA and National African Farmers Union.

Their main goals are to contribute towards effective policymaking that is in the best interest of all South Africans and advocate consensus positions to stakeholders. Consensus positions have been developed on land reform, rural safety, water, employment and labour and infrastructure. He remarked that arriving at consensus was no small achievement.

Grobler emphasised the need for government, organised agriculture and the agri-value chain to work together to find common solutions for the challenges facing land reform. Fundamental to this is the acceptance that it is in the best interest of all South Africans that land reform succeeds "within the context of maintaining the productive capacity of the land".

Basic principles of ASUF are:

- The land reform process should be aligned with the National Development Plan (NDP).
- The value of land should be maintained.
- ASUF favours freehold title as a form of land holding for producers.
- A broad community must benefit and contribute toward the process.
- Communal areas should be developed through commercial agriculture.
- South Africa needs a stable economic environment which attracts investment.
- Land reform should occur within the framework of the Constitution.

Since land reform is a national policy, a broad community, which includes government, organised agriculture, the agri-value chain, role-players and the broader public, must all benefit and contribute towards it.

The NDP should be the guideline for the process. It is believed it will enable a rapid transfer of land to preciously disadvantaged individuals without distorting land markets or business confidence.

Some of ASUF's suggestions are:

- A land audit of private land is the point of departure.
- The NDP's District Land Committees (DLC's) have balanced representation.
- A comprehensive, accessible database of land reform models.
- An SPV be established to promote viable models and provide financing.
- DLC's must be involved in the identification of both land and beneficiaries.

“ We're running a 2-tier system. White producers will continue to own your land; black producers, government will own on your behalf! How is that transformation?

– Andrew Makenete, director of Manama Hole and Musa Capital

- Beneficiary selection must be broad-based and inclusive beyond political connections.
- They should have training, financial and technical support.
- They should start with a five year lease agreement to prove themselves competent and thereafter be given the option to purchase the farm at its value when they first occupied it.
- Communal areas should be developed commercially.
- There must be a sunset clause so that a co-operating landowner is exempted in the future from land reform processes.
- ASUF considers the re-opening of the restitution process a risk to sustainable production and it could slow land redistribution.
- ASUF contends that land ceilings could be detrimental to food security, but suggests solutions could be found in a monetary approach, e.g. farms with a turnover of R50 million plus will expand only in a BEE partnership. Grobler warned that thus far the focus has been on issues where consensus was found, but suspects more direct confrontations will occur going forward.

Schalk Pienaar

Mr Schalk Pienaar, chairperson of Agbiz, stated that land reform will only be successful if the goal is viable, sustainable and promotes and sustains economic food production.

Furthermore it will only succeed with the right jockeys/beneficiaries and broad stakeholder and value-chain involvement. Beginner farmers must be allocated commercially viable, sustainable units and be given security of tenure from the start to stand a chance of success. Meaningful contributions from financiers, extension services and experts are essential. He added it is important to view this as a long-term process which must operate on free market principles. Pienaar also said that land reform can not only be current landowners' problem alone.

Ralph Swart

Mr Ralph Swart, a new era commercial farmer from Elim, highlighted the problems new era farmers face:

- Landownership – land is expensive and the Land Bank does not support emerging farmers as it should.
- Rented lands – there is no security and no guarantee and that creates problems in accessing financing. Demand is furthermore high, which means there is no certainty that land will be available again.

“

We've run out of time to bicker over every little detail and will probably reach compromises in future to take the process further.

– Japie Grobler, ASUF

”



▲ Japie Grobler



▲ Schalk Pienaar



▲ Andrew Makenete

“

If you have a vision and you have plans, you will also have a future on the farm.

– Ralph Swart, new era commercial farmer from Elim

”



▲ Ralph Swart

- Quality of soils – good lands seldom come into the market. A huge problem is that the state buys up the poorest of the poor soils at sky high prices for absolute sub-standard land. When these farms are handed to a beneficiary they are already set up to fail. Swart suggests that local farmers should be consulted on the usefulness of such farming land before the state buys them up.
- The beneficiaries – the farms are not being given the right jockeys.
- Recapitalisation – this cannot only be done over one year. Rather it should be rolled out over a five year period to ensure sustainability and even then there should still be support systems like lower interest rates.
- About land reform he remarks: “Hierdie trein wat ons opgeklim het vir hulp, se wiele is pap.”

Andrew Makenete

Mr Andrew Makenete, director of Manama Hole and Musa Capital, urged a balanced view of land reform.

20 years on and no blood has been spilt and millions have been spent on restitution, redistribution and reform, but he maintains that land reform has not delivered land to black producers, the money has not been spent well and disillusionment has set in.

If we continue to do more of the same we will waste more millions. There is no proper strategic framework guiding land reform capturing

both the NDP and the mood of the citizens. Current proposals by government are not viable or scientific.

He contends that land value destruction post acquisition is severe and a new approach is needed. Makenete proposed ownership of land be transferred from Rural Development and title given to the Land Bank which will issue long-term leases to farmers so that land can become an asset for the producers and give them an opportunity to move forward. ■

“

We see ourselves, new era commercial farmers, classified in the same way as foreigners in that we too cannot own land.”

– Victor Mongoato, vice-chairman of Grain SA

”

Graan SA se Hoofbestuur soos op 4 Maart 2015



Dagbestuur

Andries Theron (visevoorsitter) [1]
Louw Steytler (voorsitter) [2]
Victor Mongoato (visevoorsitter) [3]
Chris Schoonwinkel [4]
Jannie de Villiers (uitvoerende
hoofbestuurder) [5]
Jaco Minnaar [6]
Cobus van Coller [7]

STREEK 1

DIRKIE LOUBSER

– 082 788 5658
Buhrmannsdrif,
Coetzersdam, Kameel,
Louwna, Madibogo,
Mafikeng, Mareetsane,
Piet Plessis, Setlagole,
Stella en Vryburg



STREEK 2

JOZEPH DU PLESSIS

– 082 578 7616
Amalia, Migdol en
Schweizer-Reneke



STREEK 3

HANSIE VILJOEN

– 082 807 0185
Bloemhof, Christiana,
Hartswater, Jan Kemp-
dorp, Leeudoringstad,
Makwassie, Vaalharts,
Warrenton en
Wolmaransstad



STREEK 4

DANIE REICHEL

– 071 699 9136
Biesiesvlei, Groot-
Marico, Lichtenburg,
Rooigrond, Vermaas
en Zeerust



STREEK 5

DEREK MATHEWS

– 082 878 0056
Barberspan, Delarey-
ville en Sannieshof



STREEK 6

NIËL ROSSOUW

– 082 417 4810
Bospoort, Coligny,
Hartbeesfontein,
Klerksdorp, Orkney,
Ottosdal en Stilfontein



STREEK 7

SAREL HAASBROEK

– 082 454 7410
Carletonville, Derby,
Fochville, Koster,
Krugersdorp, Rand-
fontein, Rysmierbult,
Swartruggens, Syfer-
bult, Tarlton, Venters-
dorp en Westonaria



STREEK 8

JOSEPH SWANEPOEL

– 083 759 2373
Brits, Dwaalboom,
Ellisras, Hammanskraal,
Koedoeskop, Magalies-
burg, Northam, Pretoria,
Rustenburg en
Thabazimbi



STREEK 9

KALLIE SCHOEMAN

– 082 388 1001
Balfour, Balmoral,
Bronkhorstspuit,
Cullinan, Delmas,
Devon, Edenvale, Eloff,
Greylingstad, Grootvlei,
Heidelberg, Kempton
Park, Kendal, Nigel,
Ogies, Rayton, Springs
en Sunda



NUUT

Visie

Graan SA word deur sleutelrolspelers nasionaal en internasionaal erken as die graanprodusente se enigste amptelike mondstuk en is vanweë sy bewese kundigheid en leiersrol in die graanbedryf, die toonaangewende voorsiener van bedryfstrategiese dienste aan die Suid-Afrikaanse graanprodusent.



Missie

Graan SA voorsien deur sy aktiwiteite bedryfstrategiese ondersteuning aan graanprodusente in Suid-Afrika ten einde volhoubare winsgewendheid te bevorder.



STREEK 10

JAN GREY

– 082 558 3847

Amersfoort, Amsterdam, Badplaas, Barberton, Breyten, Carolina, Chrissiesmeer, Davel, Ermelo, Iswepe, Morgenzon, Perdekop, Volksrust en Wakkerstroom



STREEK 11

BART HARMSE

– 083 327 4172

Arnot, Belfast, Blinkpan, Hendrina, Kaapmuiden, Komatipoort, Laersdrif, Lydenburg, Machadodorp, Middelburg, Nelspruit, Ohrigstad, Steelpoort, Stoffberg, Waterval-Boven, Witbank, Witrivier en Wonderfontein



STREEK 12

RUDOLF FOURIE

– 082 388 1234

Bethal, Charl Cilliers, Kinross, Kriel, Leandra, Leslie, Platrand, Secunda, Standerton en Trichardt



STREEK 13

WILLEM GROOTHOF

– 082 938 9093

Alldays, Alma, Dendron, Groblersdal, Haenertsburg, Louis Trichardt, Marble Hall, Naboomspruit, Nylstroom, Pienaarsrivier, Pietersburg, Platrand, Potgietersrus, Radium, Roedtan, Settlers, Tuinplaas, Vaalwater en Warmbad



STREEK 14

RALF KÜSEL

– 082 944 0720

Bergville, Bloedrivier, Colenso, Dannhauser, Dundee, Eshowe, Estcourt, Glencoe, Greytown, Harding, Kokstad, Kranskop, Ladysmith, Matatiele, Melmoth, Mooirivier, New Hanover, Newcastle, Normandien, Paulpietersburg, Piet Retief, Pietermaritzburg, Sheepmoor, Underberg, Utrecht, Vryheid en Winterton



STREEK 15

WILLIE LINDE

– 082 493 5277

Cornelia, Frankfort, Memel, Oranjeville, Tweeling, Villiers en Vrede



STREEK 16

LOUIS CLAASSEN

– 082 490 1721

Deneysville, Heilbron, Koppies, Meyerton, Parys, Sasolburg, Vanderbiljpark, Vereeniging en Vredefort



STREEK 17

THEO FERREIRA

– 082 775 7371

Aberfeldy, Bethlehem, Clarens, Daniëlsrus, Harrismith, Kestell, Paul Roux, Slabberts, Verkykerskop en Warden



STREEK 18

NEIL CLAASSEN

– 082 493 6295

Arlington, Lindley, Petrus Steyn en Reitz



STREEK 19

JACO BREYTENBACH

– 083 631 9559

Aliwal-Noord, Clocolan, Excelsior, Ficksburg, Fouriesburg, Hobhouse, Ladybrand, Marquard, Senekal, Smithfield, Thaba Nchu, Tweespruit en Verkeerdevlei



STREEK 20

ANTON BOTHA

– 083 274 1924

Bloemfontein, Boshof, Brandfont, Bultfontein, Dealesville, Dewetsdorp, Hertzogville, Reddersburg en Winburg



STREEK 21

CHRIS SCHOONWINKEL

– 082 492 7308

Hoopstad en Wesselsbron





Graan SA se Hoofbestuur soos op 4 Maart 2015

STREEK 22

JACO MINNAARS

– 083 626 7000

Allanridge, Edenville,
Hennenman, Kroonstad,
Ondedaalsrus,
Steynsrus, Theunissen,
Ventersburg, Virginia
en Welkom



STREEK 23

COBUS VAN COLLER

– 082 561 6375

Potchefstroom, Vierfontein en Viljoenskroon



STREEK 24

HANNES HAASBROEK

– 082 566 9765

Bothaville



STREEK 25

JOHAN JACOBS

– 082 412 3379

Calvinia, Douglas,
Edenburg, Fauresmith,
Groblershoop, Hoptown,
Jacobsdal, Jagersfontein,
Kenhardt, Kimberley,
Koffiefontein, Luckhoff,
Petrusburg, Petrusville,
Philippolis, Prieska,
Springfontein, Trompsburg,
Upington en Vanderkloof



STREEK 26

ANDRÉ KIRSTEN

– 083 226 8749

Ceres, Clanwilliam,
Hopefield, Malmesbury,
Montagu, Piketberg,
Robertson, Vanrhynsdorp,
Vredenburg, Vredendal en Worcester



STREEK 27

RICHARD KRIGE

– 082 316 3230

Bredasdorp, Caledon,
George, Heidelberg Kaap,
Knysna, Mosselbaai,
Oudtshoorn, Riversdal en Swellendam



STREEK 28

MASELI LETUKA

– 072 170 9923

Oostelike Vrystaat:
Phuthaditjhaba en omliggende areas



STREEK 29

DAVID MOTSHWENE

– 082 901 6378

Mpumalanga:
Bronkhorstspuit en omliggende areas



STREEK 30

RAMODISA MONAISA

– 071 974 6878

Noordwes Provinsie:
Mafikeng en omliggende areas



STREEK 31

ISRAEL MOTLHABANE

– 082 961 2208

Noordelike Vrystaat:
Wesselsbron en omliggende areas



GEKOÖPTEERDE LID:

GRONDBONE

FRANCOIS MINNAAR

– 082 571 5176



VOORSITTER:

UDITKOMITEE

FANIE VAN ZYL

– 082 806 5664 ■



Fokus steeds om tot diens te wees van graanprodusente

WILLEM VOOGT, bestuurder: Bemaking en Finansies, Graan SA

Tydens die afgelope Kongres het Graan SA ook terugvoer gegee aan lede rondom die resultaat van die heffinginkomste vir die 2014/2015-seisoen. Alhoewel droogtetoestande heers oor die land en meeste produsente se oeste skraal lyk, was daar steeds 'n ongelooflike positiwiteit onder produsente en is die rekordheffing vir die 2014/2015-jaar ook met dié gemoed ontvang. Die 2014/2015-oes was 'n rekordoes en die verhoging van die heffing in 2014 het verseker dat Graan SA se reserwes aangevul kon word om voorsiening te maak vir die tekorte wat gelyk gaan word weens die droogtetoestande vir die 2015/2016-bemerkingsjaar.

Inkomste

Graan SA het 'n rekordheffinginkomste gerapporteer van R18,76 miljoen in vergelyking met die vorige jaar se rekord van R11,67 miljoen. Hierdie groei is die resultaat van twee faktore, naamlik die rekordoes van die vorige seisoen en ook die verhoging in die heffing in 2014. Die inkomste het vir 'n surplus van ongeveer R3,88 miljoen rand op die heffingsfonds gesorg. Die surplus sal na die reserwes geallokeer word om die nodige tekorte te dek vir die nuwe seisoen wat ontstaan het weens die oorheersende droogtetoestande.

Agente

Die vordering van die heffing raak al hoe meer uitdagend soos wat die mark groei en daar al hoe meer kopers die mark betree. Dit verg van Graan SA om vennootskappe met al die kopers en handelaars aan te gaan. In die vorige jaar het die aantal agente verhoog vanaf 34 na 40. 'n Woord van dank word ook uitgespreek

TABEL 1: HEFFING OP GEWASSE.

GEWAS	HEFFING
Mielies	R2,50
Sojabone	R5,00
Sonneblom	R5,00
Sorghum	R2,50
Grondbone	R10,00
Koring	R3,00
Kanola	R4,00
Gars	R3,00
Alle ander grane	R3,00

Alle bedrae is BTW uitgesluit



▲ Willem Voogt brei uit oor die bedryfshewing en die 2015/2016-begroting.

aan agente wat die invordering van die heffing bewerkstelling deur hulle kanale.

Ledetal

Graan SA se fokus is om tot diens te wees aan sy lede. Dit is ook bemoedigend om te weet dat die hoeveelheid opbetaalde lede gegroei het na 3 063 vanaf 2 409. Die totale bydraende lede is effens minder as die vorige jaar. Met 'n totale ledetal van 5 250 is dit duidelik dat Graan SA 'n goeie verteenwoordiging is van graanprodusente in Suid-Afrika.

Grondboonheffing

'n Voorstel is ook aanvaar deur Kongres om die heffing op grondbone te verminder vanaf R13 na R10. Hierdie verandering is voorgestel om die gewig van die gradering in die heffing te reflekteer. Kongres het dié besluit eenstemmig aanvaar en die heffing word dus vanaf 5 Maart bereken op R10/ton vir grondbone. Alle ander gewasse se heffing is onveranderd gelaat en word vervat in Tabel 1.

Dankie

Graan SA is 'n produsente-organisasie en die heffinginkomste is die hartklop van die liggaam om sy werksaamhede voort te sit. Mnr Andries Theron (visevoorsitter van Graan SA en voorsitter van die Bemakingswerkgroep) het sy dank teenoor lede uitgespreek vir die getroue bydrae wat hulle lewer en hul die nodige gerusstelling gegee dat die fokus steeds daarop uit is om tot diens te wees van graanprodusente in Suid-Afrika. ■



▲ Andries Theron het sy dank teenoor die lede uitgespreek vir die getroue bydrae wat hulle lewer.

A first for our industry!

Financial wellness for Grain SA members and farmworkers

One of the key focus areas of Grain SA is labour. We understand that members of Grain SA strive to adhere to good labour practices. We also endorse the need in the industry to improve the employment conditions and benefits of farmworkers.

Recent research undertaken by Momentum identified the following farmworker key needs: funeral benefits, education benefits for children, hospital cash benefits, life and disability cover and savings.

An exciting new partnership!

Through an exciting new partnership, Grain SA and Momentum offer an innovative financial wellness solution exclusively to members and their farmworkers.

This solution allows employers to provide for the key needs of farmworkers across various salary groups.

- The key principles in the design of the solutions ensure that they are transparent, affordable and easy to understand, access and use.
- Ease of administration ensures that farmworkers and members receive maximum benefit at highly competitive pricing.

The many benefits of Momentum's enterprise financial wellness approach will provide Grain SA members the assurance that their employees' key needs and peace-of-mind are met. Take a look at the benefits on offer

from as little as R29 per month.



Grain SA members and farmworkers benefit options

Employers may select from 8 options to provide a bundled package of benefits to employees across wage groups. Monthly premiums range from R29.00 to R578.00 and provide total insurance cover from R80 000 to R680 000. These benefits differ according to options selected and include:-



Funeral Cover

Paid upon the death of an employee and his/her partner and covers up to 2 spouses and 4 children. If death occurs due to an accident, funeral benefits are doubled. Paid-up death benefits mean the employees ceases to pay premiums at retirement or on death and his/her family enjoy funeral benefits for life.



Education Benefit

Paid upon the death of an employee, his/her children will receive a lump sum education benefit per child payable to the children's guardian (covers up to 4 children).



Hospital Cash Benefit

If an employee is hospitalised for more than 2 days, an amount is paid for each day to a maximum of 180 days per calendar year.



Life Cover

If an employee dies, his/her beneficiaries receive a lump sum amount.



Disability Cover

Your employee receives a lump-sum payment if he/she is unable to continue with his/her job or most of the duties that the job involves.



Unit Trust

Savings Amounts will be invested into a unit trust savings account as a form of retirement savings from which your employees will benefit.

You will find full details on the 8 benefit options along with quote request forms on the Grain SA website: www.grainsa.co.za

Alternatively, contact Momentum's dedicated Call Centre – 0860 333 334

Koppe bymekaar gesit tydens wegbreek sessies

SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

Die landswye droogtetoestande het by al die wegbreek sessies van Kongres 2015 aansienlike aandag gekry. Sessies is ingelig oor die planne wat Graan SA maak om hulp aan produsente te verleen.

Ook die liggingsdifferensiaal het oudergewoonte baie aandag geniet. By die Mieliewegbreek sessie is inligting gegee oor moontlike nuwe JSE-markinstrumente wat dié kwessie dalk aansienlik kan beïnvloed.

Wintergraan

MNR ANDRIES THERON TREE AS VOORSITTER OP.

Omdraaistrategie

Theron gee terugvoer oor die koringbedryf se pogings om die bedryf te laat herleef. Die korttermyn doelwitte het onder meer gefokus op die minimum uitlaaiwaarborg, verlaging van minimum proteïenvlakke en verlaging van 4% tot 2% in die graaddifferensiaal. Goeie vordering is aanvanklik gemaak, maar weens probleme met die minimum uitlaaiwaarborg, was die JSE genoodsaak om die termynkontrak vir Desember 2015 onveranderd te laat.

Die mediumtermyn doelwitte wat vir einde April 2015 gestel word, sluit in die verwydering van die kultivarlys van die Wet op Landbouproduktstandaarde en die behoud daarvan onder die Wet op Plantverbeterings, differensiasie tussen ingevoerde koringgradeeringsdata en hersiening van vrystellingskriteria se toleransievlakke. Totdat die bedryf konsensus oor die verskillende voorstelle kan bereik, sal die JSE die nuwe seisoen termynkontrakte lys om teen 'n verwysingsgraad van 12% broodkoring te verhandel. Mnr Dissie Kruger (produsent van Hopetown) rig 'n spesiale versoek dat die 1,6 mm sif in stede van die 1,8 mm sif deur die koringbedryf gebruik moet word.

Navorsing

Dr Marinda Visser (bestuurder: Bedryfsdienste, Graan SA) lig die sessie in oor 'n ooreenkoms tussen Graan SA en die Departement van Wetenskap en Tegnologie om 'n nasionale voordeelprogram te befonds en op die been te bring. Die Universiteit van Stellenbosch is getaak om die program te bestuur.

Tantieme op saad

Mnr Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA) lewer 'n voorlegging oor die beoogde tantieme model vir oopbestuifde gewasse. Die terughouding van groot hoeveelhede saad verhoed die saadbedryf om in die koringbedryf te belê en beperk

toegang tot die nuutste saadtegnologie. 'n Tantieme model is voorgestel en die tantiemekomitee bestaan uit Graan SA, SANSOR, AgbizGrain en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye.

Chemiese middels

Mnr Jurian Schreuder (Hopefield) lewer 'n voorlegging rakende die koste aan chemiese middels vir produsente in die Wes-Kaap. Hoë marges tussen produsente en groothandelaars is deel van die probleem. Die sessie beveel aan dat die chemiese bedryf genooi word om gesprekke met Graan SA aan te knoop om probleme aan te spreek.

Liggingsdifferensiaal

In 'n besprekingspunt wat mnr Hennie Visser (Piketberg) voorberei het, wys hy op 'n ondersoek wat deur 'n groep graanprodusente van die Wes-Kaap in samewerking met die Nasionale Landboubeoordelingsraad gedoen word om die regverdigheid van die huidige graanbeoordelingsstelsel te ondersoek. 'n Opname onder koringprodusente in 2014 het aan die lig gebring dat die meerderheid produsente handelaars in die fisiese mark gebruik en nie die Termynbeurs nie.



Mielies

MNR LOUW STEYTLER TREE AS VOORSITTER OP.

Uitvoerbevordering

Mnr Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) gee 'n oorsig van wat gedoen word om uitvoermarkte te bevorder. Só is daar in Desember 2014 'n ooreenkoms met China geteken en is kopers in die Midde-Ooste deur Wessel Lemmer (Graan SA) besoek. Die eerste vraag mielies is reeds aan Saoedi-Arabië gelewer. Daar word ook gefokus op uitvoere na Egipte waar daar egter haakplekke rondom GMO-produkte is.

Graan SA se uitvoerstrategie behels onder meer volhoubare groei, hoër handelswinste en diversifikasie. Die vergadering keur die strategie goed. Mnr Neels Ferreira (voormalige voorsitter van Graan SA) rig 'n versoek dat daar ook gekyk moet word na elemente

(infrastruktuur) wat mededingendheid in die wêreldmark negatief beïnvloed. De Villiers meld dat hy 'n vergadering met die haweerhede en silo-eienaars in die Durban-hawe gehad het. Hy spreek sy kommer uit oor hulle infrastruktuurplan ten opsigte van graan wat op die langtermynlys van prioriteite geplaas is.

Inligting oor mielieprodukte

'n Mielieforum aansoek is by die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye ingedien om statutêre inligting te verkry rondom mielie-meel wat gemaal word. Die minister het dit goedgekeur en die Mielietrust het die befondsing vir die aansoek goedgekeur. Die Suid-Afrikaanse Graan Inligtingsdiens (SAGIS) is in die proses om rekenaarstelsels in plek te kry en ook om die registrasies af te handel.

Bewaringslandbou

De Villiers meld dat die Mielietrust die Bewaringslandbouprogram finansier, terwyl die Wintergraantrust alles reiskoste befonds. Die Bewaringslandbouwerkgroep, wat verlede jaar begin is, is belangrik om dié praktyk te bevorder.

Klimaatstoestande en oesskatting

Die eerste oesskatting dui op aansienlike laer produksie vir feitlik alle graansoorte, behalwe sojabone wat min of meer met dié van verlede jaar vergelyk.

Droogtehelpplan

Die droogtehelpplan wat deur Graan SA se Bedryfsdienste-afdeling opgestel is, word aan die vergadering verduidelik. Mnr Jozeph du Plessis (Graan SA-hoofbestuurslid, Streek 2) bepleit 'n stelsel van multirisikoversekering – soos onder meer in die VSA gebruik word. Indien daar nie multirisikoversekering beskikbaar gaan wees nie, gaan daar volgende jaar 'n drastiese afname in aanplantings gesien word. Die vergadering besluit onder meer dat Graan SA met die regering in gesprek sal tree rondom hulp met multirisikoversekering en dat met insetverskaffers in gesprek getree word oor hulp met en uitstel van betalings.

Liggingsdifferensiaal

Teen die agtergrond van die JSE wat besluit het om nie die stelsel uit te faseer nie, is daar deur Hoofbestuur aanbeveel dat kontantmarkte in die onderskeie streke verder ontwikkel word sodat dit meer deursigtig sal wees. Mnr Derek Mathews (Graan SA-hoofbe-

stuurslid, Streek 5) verduidelik dat die JSE 'n nuwe produk in die mark gaan plaas, naamlik *basis future trading* wat sal meebring dat die basis by elke ligging vir twaalf maande vooruit verhandel kan word. Mathews is van mening dat dit gaan beteken dat besprekings rakende die liggingsdifferensiaal binnekort irrelevant sal wees. Die vergadering aanvaar Mathews se voorstelle in dié verband.

Mark en insette

Die wêreld vraag en aanbod vir mielies het rekordproduksie- en verbruiksvlakke bereik en die voorraadvlakke is baie hoog. Graan SA is besig om met Tesourie te onderhandel oor die terugreis van volle dieselmotors in plaas van net 80% waar logboeke volledig gehou is. Dit is egter nog nie so deur Tesourie aanvaar nie.



Sonneblom

MNR JOHN RANKIN TREE AS VOORSITTER OP.

Mark

Dr Ferdi Meyer (Buro vir Voedsel- en Landboubeleid [BFAP]) het die sessie toegesprek oor 'n studie wat hulle oor die plaaslike sonneblomwaardeketting gedoen het. Die doel was om die Suid-Afrikaanse waardeketting te evalueer en te ontleed ten einde die algehele toestand van die bedryf te bepaal. Een van die bevindinge was dat Suid-Afrika 'n moontlike netto invoerder van sonneblomolie en -oliekoek gaan bly.

'n Verdere doelwit van die studie was om geleenthede te identifiseer wat die bedryf kan verbeter en internasionale mededingendheid te behou. Melding is gemaak dat die persentasie olie-inhoud, soos vereis deur die JSE kontrak, beperk is tot 38%, terwyl die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL) rapporteer dat 'n gemiddelde olie-inhoud van 43% plaaslik geproduseer word.

Liggingsdifferensiaal

Rankin meld dat 'n besluit by 'n vorige Kongres geneem is dat die liggingsdifferensiaal afgeskaf moet word, maar dat Hoofbestuur 'n nuwe voorstel hieroor gemaak het. Hoofbestuur versoek dat kennis geneem word dat die liggingsdifferensiaal 'n besigheidsmodel van die JSE Safex is, maar dat die JSE besluit het om nie die stelsel uit te faseer nie; dat aanbeveel word dat kontantmarkte in die onderskeie streke verder ontwikkel word en meer deursigtig bestuur word; dat Graan SA voortgaan om die billike berekening van die liggingsdifferensiaal deur die JSE te monitor en waar nodig, met die JSE Safex vir die herberekening daarvan te skakel.

Die sessie besluit dat Hoofbestuur se aanbevelings ondersteun word.

Gradering

Me Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA) meld dat daar vanjaar as gevolg van die droogte-toestande aansoek gedoen kan word vir 'n dispensasie by die gradering van sonneblom sodat sifself onder die sif bygetel kan word as deel van die massabepaling by sonneblomsaad. In 'n droë jaar soos vanjaar kan daar baie

klein sonneblompitjies wees wat 'n redelike bydra tot die gewig van die vrag kan maak.

Navorsing

Dr André Nel van die LNR-Instituut vir Graangewasse het terugvoer oor twee van die vernaamste gebeurtenisse wat die afgelope seisoen by sonneblom voorgekom het, gegee.

Hittekanker

Hittekanker, wat ook stamkanker genoem word, het vanjaar op die sandgrond van die Noordwes-Vrystaat voorgekom. Dit is nie 'n siekte nie, maar is 'n beskadiging van die buitenste weefsel van die stam deur hitte. Dit kom gelukkig nie baie voor nie en daar is byna niks wat daaraan gedoen kan word nie.

Dowwe pitte

Die voorkoms van dowwe pitte gedurende die afgelope seisoen was bogemiddeld in sekere produksieareas. Die probleem het wyd kop uitgesteek, maar dit was meer opvallend in die Noordwes Provinsie, veral in die omgewing van Delareyville, Schweizer-Reneke en Migdol. Die probleem het by sonneblombasters van verskillende maatskappye voorgekom.



Koppe bymekaar gesit tydens wegbreeksessies

Grondbone

MNR FRANS MINNAAR IS DIE NUWE VOORSITTER VAN DIE WERKGROEP.

Navorsing

Me Loureine Salomon (LNR-Instituut vir Graangewasse) gee terugvoer oor die Elite kultivarproewe. Een van die teellyne toon uitstekende weerstand teen droogte in die Brits-gebied. Sy waarsku produsente teen proewe met ingevoerde saad aangesien nie almal aan fitosanitêre vereistes voldoen nie.

Droogtetoestande

Mnr Wandile Sihlobo (ekonomies: Bedryfsdienste, Graan SA) noem dat Graan SA besig is met gesprekke met die staat en dat inligting voortdurend aan hulle oorgedra word, wat hulle op hoogte hou rakende die huidige toestande. Plaaslike produksie kan met soveel soos 9% daal weens droogtetoestande.

Mark en insette

In 'n oorsig van markte wys Sihlobo op verwagtinge dat huishoudelike verbruik sal toeneem wat kan lei tot 'n verhoogde vraag na graanprodukte. Daar word ook verwag dat rentekoerse vir 'n redelike tydperk stabiel behoort te bly.

Liggingsdifferensiaal

Teen die agtergrond van die JSE wat besluit het om nie die stelsel uit te faseer nie, is daar deur Hoofbestuur aanbeveel dat kontant-

markte in die onderskeie streke verder ontwikkel word sodat dit meer deursigtig sal wees.

Invoere

Produsente versoek inligting oor hoeveel ton grondbone en saad van die buiteland af ingevoer word, van watter lande, wat die kwaliteit daarvan is en waarvoor dit gebruik word. Die sessie besluit dat die versoek aan die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye en die Departement van Gesondheid gestuur word.



Sojabone

MNR JAN GREY TREE AS VOORSITTER OP.

Produksie/Insette

Mnr Corné Louw (senior ekonomies: Bedryfsdienste, Graan SA) gee terugvoer oor die vordering wat gemaak word met die implementering van 'n tantieme model vir oopbestuifde gewasse. Die voorgestelde sisteem het ten doel om die negatiewe impak teen te werk wat die terughouding van saad op investering in die saadbedryf het.

Na deeglike bespreking is besluit dat 'n eenvoudige tantieme model ondersteun word.

Saad

Louw gee terugvoer oor die beskikbaarheid van gesertifiseerde sojaboonsaad vir die 2015/2016-produksieseisoen. Hy noem dat volgens berekeninge daar verlede jaar genoeg gesertifiseerde saad beskikbaar was vir die aanplant van 360 000 hektaar, terwyl inligting van saadmaatskappye aandui dat daar vir die komende seisoen gesertifiseerde saad vir die aanplant van 620 000 hektaar beskikbaar behoort te wees.

Kultivarkeuses

Me Annelie de Beer (LNR-Instituut vir Graangewasse) gee terugvoer oor die resultate verkry uit die jaarlikse kultivarevalueringsproewe. Uit die resultate is dit duidelik dat daar 'n groot verskil is tussen die twee lokaliteite by Hoopstad en Migdol. Daar word versoek dat evalueringsproewe in die weste uitgebrei word.

Droogtehulpplan

Louw noem dat gegewe die uitermatige graad van droogte wat tans in die somerproduksiegebiede beleef word, Graan SA 'n droogtehulpplan ondersoek. Voorstelle oor hoe produsente bygestaan

kan word, sluit in: Belastingvrye spaarplanne vir ekstreme gevalle van droogte en waarborgte vir finansiële instellings vanaf die regering in tye van rampe.

Gradering

Grey verduidelik hoe sojaboongradering tans werk en hoe die voorgestelde graderingsregulasies (dispensasie vir 2015-seisoen) gaan werk. Die voorstel is dat daar onder die 4,75 mm rondgatsif, 'n 1,8 mm gleufsif gebruik word vir die bepaling van vreemde voorwerpe en die persentasie sojabone en stukkies sojabone in die besending. Die vreemde voorwerp persentasie word vanaf 4% na 5% verhoog en gevolglik die kombinasie van vreemde voorwerpe en Sclerotinia vanaf 6% na 7%.

Voginhoud

Louw verwys na 'n besluit by die vorige Wegbreeksessie dat die moontlikheid ondersoek word om die voginhoud van sojabone tydens lewering vanaf 13% na 14% te verhoog. Die rede vir die versoek was dat dit die stroopkapasiteit van 'n produsent aansienlik sal verhoog en ook die risiko aan verliese tydens stroping verlaag. Gevallestudies word deur Graan SA en AgbizGrain ondersoek waar sojabone teen 'n hoër voginhoud gelewer is en oor 'n lang termyn veilig geberg word.

Tariefbeskerming

Louw noem dat die veevoerbedryf in 2014 aansoek by die Kommissie vir Internasionale Handelsadministrasie van Suid-Afrika (ITAC) gedoen het om die sojabooninvoertarif te verwyder. Graan SA het deur middel van goeie motivering en ondersteuning van die Departement van Handel en Nywerheid, daarin geslaag om die invoertarif vir die bedryf te behou.

Liggingsdifferensiaal

Grey noem dat Graan SA saam met die PNS dit tot dusver kon reg kry om die JSE te oortuig dat sojabone nie 'n liggingsdifferensiaal nodig het nie.

Sclerotinia

Na aanleiding van vrae oor Sclerotinia, noem dr Jan Dreyer (vooreen van die LNR-Instituut vir Graangewasse) dat die PNS die vordering in ander lande om Sclerotinia te bekamp, fyn dop hou. BASF het aangedui dat daar belowende produkte in die pyplyn is wat Sclerotinia effektief kan beheer. Louw noem dat Graan SA tans probeer om 'n konsortium vir Sclerotinia-navorsing in Suid-Afrika te vestig.

Aalwurm

Mnr Thabo van Zyl (produsent van Wesselsbron) noem dat aalwurm in die sandgronde 'n baie groot probleem is. Daar is volgens hom geen chemiese middels vir aalwurm op sojabone geregistreer nie. Daar is ook 'n groot behoefte aan aalwurmweerstandige kultivars.

Oesversekering

Die sessie stel vrae oor duur oesversekering op sojabone. Die be-

kostigbaarheid van veral haelversekering het 'n probleem geword. Mnr Gerhard Diedericks (Santam Landbou) gee terugvoer oor die winsgewendheid van versekeringsprodukte en dui aan dat die versekeraar nuwe moontlikhede sal ondersoek.



Sorghum

MNR LOUIS CLAASSEN TREE AS VOORSITTER OP.

Biobrandstofbeleid

Vrae word gestel of biobrandstof, volgens wet, steeds in brandstof ingemeng gaan word, en of sorghum dalk daarvoor ingevoer sal moet word. Die sessie besluit dat Graan SA ondersoek moet instel of biobrandstof steeds in brandstof ingemeng gaan word. Daar is ook onsekerheid of die fabriek op Cradock ontwikkel gaan word.

Graderingsregulasies

Me Funzani Sundani (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA) gee terugvoer oor die nuwe voorgestelde graderingsregulasies vir sorghum. Sy beklemtoon dat daar ooreengekom is dat die GL-grade sal wegval en daar net twee grade, naamlik GM en GH, sal wees. 'n Bykomende graad (GM3) wat voorsiening sal maak vir sorghum wat nie aan die spesifikasies vir die GM1- en GM2-graad voldoen nie, sal ingestel word.

Uitvoermarkte

Daar is aanduidings dat Botswana huiwerig is om sorghum van Suid-Afrika in te voer aangesien hulle graag eerder self wil produseer. Die sessie word egter ingelig dat ander Afrika-markte 'n potensiaal vir uitvoer van tot 50 000 ton toon.

Kweleprobleme

Aandag word gegee aan probleme wat die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het met die voorsiening van brandstof vir beheeraksies. In sekere gevalle het produsente die brandstof gekoop vir die beheeraksie en is terugbetaal deur die departement.

Die sessie besluit dat beswaar by die departement aangeteken word dat die beheeraksies nie op standaard is nie en opgeknop moet word.

Mark en insette

Wêreldwyd is daar 'n verwagte toename in sorghumproduksie weens veral stygings in die VSA, Australië en Argentinië. China word gesien as die grootste koper van sorghum. Plaaslik is die situasie nie so positief nie weens onlangse droogtetoestande. ■



SA Graan/Grain dekking van Kongres 2015

Die SA Graan/Grain redaksie bring hierdie samevatting oor vanjaar se Graan SA Kongres (soos uiteengesit op bladsy 13 tot 37) aan ons lesers en lede van die organisasie wat nie persoonlik die Kongres bygewoon het nie. Dit moet egter geensins geag word as 'n genotuleerde weergawe van Kongres of kongresverrigtinge nie, aangesien laasgenoemde in die amptelike notule weergegee word. ■

Glad met die tong én pen

ESTIE DE VILLIERS, redakteur: SA Graan/Grain

Die manne kan hul standpunt duidelik by die leser en die gehoor tuisbring: Mnre Cobus Bester (produsent van die Wes-Kaap), Wessel Lemmer (senior ekonoom, Graan SA) en dr Hendrik Smith (bewaringslandboufasiliteerder, Graan SA) en het met die toekennings vir die beste spreker tydens Kongres asook die beste skrywers van die SA *Graan/Grain*-tydskrif weggestap.

▼ 1: Cobus Bester, links, is deur die pers aangewys as die beste spreker by Kongres. Hy het 'n mosie van kommer ingelei oor die volhoubaarheid van die koringbedryf in Suid-Afrika. Louw Steytler (voorsitter:

Graan SA) het die beste spreker-trofee aan hom oorhandig.

▼ 2: Dr Hendrik Smith, links, se artikel "Bewaringslandbou – die oplossing vir gemengde boerdery in marginale saaigebiede" in die Januarie 2014-uitgawe van SA *Graan/Grain*, is deur die Redaksiekomitee aangewys as die afgelope jaar se beste artikel. Theo Ferreira (voorsitter van die SA *Graan/Grain* Redaksiekomitee) oorhandig die prysgeld aan Hendrik, terwyl Louw Steytler hom ook gelukwens.

▲ 3: Wessel Lemmer, links, het vanjaar die Koster-skiild vir die beste reeks artikels die afgelope jaar in SA *Graan/Grain* ontvang, vir sy Graanmark-reeks artikels. Vic Mouton (Koster) het die wisseltrofee aan hom oorhandig. By hulle is Louw Steytler. ■



Special recognition given

ESTIE DE VILLIERS, editor, SA Graan/Grain



▲ Francois Potgieter (South African Barley Breeding Institute), left, received a special award in recognition for excellent service to the domestic barley industry, by means of ongoing technical and professional advice and research as well as his exceptional contribution to the development of new barley cultivars for the Southern and Northern Cape. Andries Theron (vice-chairman) handed over his award.



▲ Special recognition was given to Syngenta for excellence in support and assistance provided in the development of grain producer leadership via the Grain SA/Syngenta Grain Academy. Antonie Delpont (managing director: Syngenta), left, received the award from Theron. ■

Grain SA expresses its heartfelt thanks to these companies who made Congress 2015 possible/Graan SA spreek sy opregte dank uit teenoor hierdie maatskappye wat Kongres 2015 moontlik gemaak het:

CONGRESS HALL AND FACILITIES/
KONGRESSAAL EN FASILITEITE



DIAMOND OPTION 1 – LUNCH DAY 1/
DIAMANTOPSIE 1 – MIDDAGETE DAG 1



DIAMOND OPTION 2 – TAKEAWAYS DAY 2/
DIAMANTOPSIE 2 – WEGNEEMETES DAG 2




SILVER/SILWER



DONOR/DONATEUR



REFRESHMENTS, SUPPORT ACTIONS
AND THE TERRAIN PREPARATIONS/
VERVERSINGS, ONDERSTEUNINGSAKSIES
EN DIE TERREINVOORBEREIDINGS



DINNER AND ARTIST/
AANDETE EN KUNSTENAAR



GOLD/GOUD



BRONZE/BRONS



SUPPORTER/
ONDERSTEUNER



Riglyne vir die benutting van verdroogde graangewasse en oesreste

PIETMAN BOTHA, SA Graan/Grain medewerker en HENDRIK VAN PLETZEN, Voermol Voere

Die omvang van die 2014/2015-droogte in die somersaaigebiede is van so 'n aard dat daar feitlik geen area is wat nie deur die droogte geraak is nie. Die omvang van die skade wissel tussen gebiede, maar selfs op dieselfde plaas is daar blokke graan wat minder of meer skade het as gevolg van oneweredige reënval.

Dit is so dat graanvorming en dus oesopbrengs in sekere streke geweldig benadeel is, maar 'n redelike hoeveelheid vegetatiewe groei het plaasgevind. In ander streke is die gewasse baie vroeg beskadig en daar is dus min materiaal op die lande. Ten spyte van die droogte, is daar 'n redelike hoeveelheid plantmateriaal waarop diere kan oorwinter en dit is 'n baie groot pluspunt.

Sonder oesreste of verdroogde plantmateriaal sou dit haas onmoontlik wees om vee in die somersaaigebiede te oorwinter. Verskillende benuttingsmetodes van die plantmateriaal het kosteimplikasies en daarom moet deeglik besin word voor mielies net summier afgesny word.

Besluit eerstens oor die heraanwending van die droogtebeskadigde oeste. Gaan dit byvoorbeeld oor die maksimering van winste, oor voervoorsiening aan vee omdat daar niks anders is om te vreet nie, oor moontlike waardetoevoeging van die droogtebeskadigde oeste of oor die beste en goedkoopste oorwinteringsmetode vir vee?

Om 'n besluit te neem:

- Bepaal eers hoeveel en watter tipe voer (ruvoer en/of kragvoer) werklik vir die vee benodig word.
- Bepaal hoeveel ton graan per hektaar geoes kan word.
- Bepaal met die hoeveelheid graan of die graaninkomste per hektaar die stroopkoste gaan oorskry.
- Bepaal die hoeveelheid materiaal en graan wat per hektaar beskikbaar is. Daaruit sal die drakrag van die gewas afgelei kan word.
- Bepaal ook vir hoe lank die gewas en materiaal beskikbaar sal wees.
- Neem 'n besluit oor watter alternatiewe die boerderyverlies sal minimeer.

Beweiding op die land

Die heel goedkoopste metode is om die gewas net so op die land te los en te beweï wanneer dit nodig is. Skape benut die graan baie goed en daar is feitlik geen vermorsing nie.

Die grootste risiko is dat skape hulleself sal oorvreet aan graan en groot verliese kan as gevolg van suurspens (asidose) voorkom. Skape moet geleidelik oor ten minste 14 dae op graan aangepas word voordat hulle op die lande gaan en gee daarmee saam 'n produk om suurspens te voorkom.

Voermol Landelek (V15414) is 'n voorbeeld van só 'n lek. Maak seker dat die lek medikamente en buffers bevat om suurspens te beperk. In die 14 dae-aanpassingsperiode moet mielies aanvanklik teen 200 g/skaap/dag gegee word vir twee dae en daarna elke tweede dag gelykmatig met 100 g verhoog word.

Vars Landelek moet daagliks naby waterkrippe gegee word om 'n daaglikse inname van ten minste 200 g per 45 kg tot 50 kg skaap te verseker. Landelek bevat ook 26% proteïene en die regte minerale en spoorminerale om tekorte op mielies, graansorghum en sonneblomme aan te vul.

Mielieplante kan reeds in die groenstadium beweï word, maar groen, verlepte graansorghumplante het 'n hoë blousuurinhoud en moet verkieslik beweï word wanneer die plante heeltemal dood is. Hypo teen 1 kg per 200 liter drinkwater sal help om blousuurvergiftiging te beperk.

Bonegewasse, soos byvoorbeeld sojabone wat verdroog het, kan baie goed deur skape benut word. Skape moet ook geleidelik oor ten minste 14 dae op sojabone aangepas word om spysverteringsteurnisse te voorkom.

'n Breek in die wol by wolproduserende rasse kom algemeen voor indien die aanpassing nie geleidelik is nie. Die regte aanvulling op bonegewasse en bonereste is Voermol Molovite (V7266) en 'n daaglikse inname van ongeveer 200 g per 45 kg tot 50 kg skaap is voldoende. Molovite bevat 10% goeie gehalte natuurlike proteïene en die nodige medikamente, minerale en spoorminerale om tekorte op bone en bonereste aan te vul.

Beeste benut verdroogde plantmateriaal op die land baie goed, maar as daar 'n redelike hoeveelheid graan is (meer as 0,5 ton/ha), vind vermorsing plaas. Pitte wat op die grond val, gaan verlore en beter benutting is moontlik waar skape in kombinasie met beeste wei.

Dit maak sin om die vee in te jaag terwyl die graan nog nat is om verdere verwerking en verliese van plantmateriaal te beperk.

'n Onbeplande brand kan hierdie voer totaal vernietig en daarom moet voorbrande gemaak word waar daar 'n brandrisiko is.

Maak van kuilvoer

Besin deeglik oor die koste en aanwending van kuilvoer. Om mielies met 'n enkelrykerwer te sny en uit te ry, gaan ongeveer R1 100/ha kos. Dieselgebruik kan tussen 13 liter/ha en 28 liter/ha beloop.

Hoe hoër die opbrengs, hoe laer sal die maakkoste per ton wees en daar is 'n hele aantal faktore wat die werklike koste bepaal. Waak daarteen om té vroeg te sny, want alhoewel die blare droog vertoon, kan die stamme nog baie nat wees.

Die ideale vogpersentasie om kuilvoer te sny, lê tussen 70% en 60%. Kerf die materiaal fyn (10 mm - 20 mm) en kompakteer goed om goeie fermentasie te kry. Droogtemielies se stikstofinhoud is normaalweg hoër as dié van mielies wat goed gegroei het. Die suikers in verdroogde mielies is gewoonlik hoog genoeg vir normale fermentasie.

'n Melkkoei is die mees doeltreffende dier om kuilvoer in geld om te sit. Rantsone met die maksimuminsluiting van kuilvoer is

1



2



- ▲ 1: Koos Snyman van Aliwal-Noord wys hoe skape weimielies benut. Al die graan word uiteindelik benut.
- ◀ 2: Voermol Landelek bevat die nodige buffers, goeie gehalte proteïen en spoorminerale om verdroogde mielies en reste optimaal te benut.

op aanvraag beskikbaar. Verdroogde mieliekuilvoer kan ook met sukses in voerkraalrantsone gebruik word of vir beperkte byvoeding om vleisbeeste mee te oorwinter.

Mieliekuilvoer se energiewaarde en veral droogtekuilvoer is te laag om beeste mee af te rond en daarom moet energie in 'n voerkraalrantsone bygevoeg word. Melassemeel is 'n goedkoop bron van energie en dit kan tot 12% van die mielie-meel in 'n voerkraalrantsone vervang.

Skape kan ook kuilvoer benut, maar as gevolg van selektiewe vreetgewoontes, is die inname soms nie voldoende nie. Sodra die kuilvoer bietjie uitdroog in die krip, weier skape om dit te vreet. Skape moet ten minste twee tot drie keer per dag vars kuilvoer kry om 'n goeie inname te verseker.

Stoekmielies

Die kwaliteit van stoekmielies is goed, maar hoë arbeids- en maalkoste veroorsaak dat dit min in die praktyk gedoen word.

Sny, hark en baal

As gevolg van hoë koste, is dit sekerlik die laaste benuttingsmetode om te oorweeg. Baie faktore bepaal koste, maar 'n riglynkoste vir sny, hark en baal met 'n rondebaler is ongeveer R701/ha en ongeveer 22 liter diesel per hektaar sal benodig word.

Die kwaliteit van gebaalde mieliereste is hoogstens vir onderhoud, en om beter benutting te kry, moet dit gemaal en met 'n produk soos Voermol LS 33 (V2678) behandel word. Meng LS 33 in gelyke dele met water en meng 1 liter van die mengsel met 10 kg ruvoer. LS 33 verhoog die smaaklikheid en kwaliteit van enige swak gehalte ruvoer.

'n Laaste opmerking is dat die herstelvermoë van mielies in baie gevalle onderskat word. Veral jonger mielies kan verbasend herstel mits dit nog reën. Die hoë mielieprys maak dit die moeite werd om selfs by 'n lae opbrengs te stroop.

Deur net die graan te verwyder, is daar nog baie plantreste om vee mee te oorwinter. Mielieresteweiding se energiewaarde is hoog, maar die proteïenwaarde is marginaal tot laag vir produserende diere, soos lammeroë; koeie met kalwers; en jong, groeiende diere.

Lekaanvulling is belangrik en 'n lek soos Voermol se Landelek is spesiaal ontwikkel om voedingstekorte op oesresteweidings vir hierdie tipe diere aan te vul. Maak net seker dat die risiko van brand tot die minimum beperk word.

Kontak 'n landboukundige in jou gebied om behulpsaam te wees met die beplanning hiervan of vir Hendrik van Pletzen by 083 456 3636 of Pietman Botha by 082 759 2991. ■

GRAIN MARKET

– 17 March 2015

overview



WESSEL LEMMER, senior economist, Industry services, Grain SA

The impact of drought and early deliveries on the supply of maize

– for the March/February reporting period

Role-players in the grain industry was shocked on 26 February by the National Crop Estimates Committee's prediction that the drought may lead to a decline of 31% in maize production compared to the previous year's bumper crop.

High retail prices may impact the ultimate consumption of maize, early deliveries during March and April 2016 can decrease the need for imports and follow-up crop estimates may also significantly impact the demand for additional or less imports. In this article we give a perspective on the possible outcomes.

Impact on staple foods and animal feeds

The Supply and Demand Estimates Committee, under the auspices of the National Agricultural Marketing Council (NAMC), followed with a press release on 4 March stating: "The current drought conditions that is widespread in South Africa's grain production areas can severely impact on the availability of one of South Africa's major staple foods, namely white maize, as well as on yellow maize that is crucial in the livestock industry. The availability of maize in turn affects prices of maize and hence the price of maize meal and animal feeds."

Significant imports needed

The Supply and Demand Estimates Committee estimated that South Africa will have to import approximately 600 000 tons of yellow maize from March 2015 to April 2016. According to the Committee it is possible that the current estimated imports of yellow maize could increase to around 900 000 tons. "There are some concerns regarding white maize stocks, which, according to the estimates will be 34 days (one month), but cognisance should be taken that around 350 000 tons were estimated to be used in the industrial and animal feed market. If this situation changes, i.e. it is used for human consumption, the situation will improve, but will translate into additional imports of yellow maize.

"Thus, it is possible that the current estimated imports of yellow maize could increase to around 900 000 tons. However, market dynamics, especially the availability of international yellow maize stocks and the interplay between white and yellow maize prices, will determine the level of substitution taking place."

NAMC assumptions

The NAMC's estimate is based on the underlying assumption that:

- South Africa typically operates on a 45 days pipeline in terms of available stocks.
- The major factor that is affecting white maize demand is that

it will mainly be utilised in the human market, whereas a significant portion was allocated to the animal feed market during the past season.

- Yellow maize demand continues to increase on the back of a growing demand for animal feed.
- White maize exports remain more or less the same based on regional demand, but there is a significant drop in the exports of yellow maize (in particular deep sea exports).

Access to objective information is crucial

Grain SA fully supports the work of the Grain and Oilseeds Supply and Demand Estimates Liaison Committee (comprising stakeholders in the grain industry) and the Grain and Oilseeds Supply and Demand Estimates Committee.

As stated, the drought has an impact on food security and the socio-political economic climate of South Africa. It is very important to have access to objective and reliable information, as the relentless price volatility experienced is mainly passed on to the producer. Objective information is now very important as different versions of supply and demand estimates circles around in industry and may create confusion among producers and may impact their marketing decisions.

The historical pipeline requirement

South Africa operates on a 45 days pipeline. The 45 days pipeline number is useful to determine if it is going to be necessary to import maize in the projected supply and demand for the following year.

It is indicated for example in **Table 1** that the shortfall required above the pipeline will necessitate the importation of about 1 075 000 tons in the 2007/2008 marketing year. An actual number of 1 120 000 tons of maize were imported.

A similar situation occurred in 2011/2012 and is expected to occur in 2015/2016. Since 2007/2008 it seems as if processors are more comfortable lately with a tight pipeline requirement. For instance, during the 2013/2014 marketing year it was expected that 660 000 tons of maize should be imported, but imports of only 80 000 tons realised.

What is the impact of early deliveries during March and April on stock levels at the end of April?

The early deliveries of maize for March and April varied between 91 000 tons and 842 000 tons over the past ten years.

TABLE 1: THE PIPELINE REQUIREMENT FOR MAIZE (X '000 TONS).

MARKETING YEAR	2004/2005	2005/2006	2006/2007	2007/2008	2008/2009	2009/2010	2010/2011	2011/2012	2012/2013	2013/2014	2014/2015	2015/2016
Month*	May	May	Apr	Apr	Apr	Apr	May	Apr	Apr	Apr	Apr	Apr
Stock**	3 108	2 746	2 070	1 049	1 581	2 131	1 758	994	1 417	589	2 301	1 215
Month*	Apr	Apr	Apr	Apr	Apr	Apr	Apr	Apr	Apr	Apr	Apr	Apr
Stock**	3 148	3 169	2 070	1 049	1 581	2 131	2 336	994	1 417	589	2 301	1 215
Imports	219	360	931	1 120	27	27	0	421	11	80	100	500
Stock level Less the imports	2 929	2 809	1 139	-71	1 554	2 104	2 336	573	1 406	509	2 201	715
Processed quantity/month	607	622	638	669	718	722	738	745	745	779	806	811
Pipeline required	45 days 911	45 days 933	45 days 957	45 days 1 004	45 days 1 077	45 days 1 082	45 days 1 107	45 days 1 118	45 days 1 117	45 days 1 169	45 days 1 209	45 days 1 217
Surplus/Shortfall above pipeline required	2 018	1 876	182	-1075	477	1 022	651	-545	289	-660	992	-502
Actual days for stock end of April	155	152	54	47	66	89	95	40	57	23	86	45

* Month with lowest stock level.

** Stock level: The NAMC project the stock level at end of April 2015 at 2,3 million tons and at the end of April 2016 as 1,2 million tons

A note on imports: According to the World Watch Institute report published on 10 March 2015, many countries have turned to international markets to help meet their domestic food demand. Imports of grain worldwide have increased fivefold between 1960 and 2013. However, importing food as a response to resource scarcity creates dependence on global markets. It has two clear dangers. First, not all countries can be net food importers. At some point in time the demand for imported food exceeds the capacity to supply it. Second, excessive dependence on imports leaves a country vulnerable to supply interruptions, whether for natural reasons or political manipulation. The report concludes that an import strategy may be unavoidable for some nations, but it should be considered only reluctantly by countries that can meet their food needs in more conventional ways. It is crucial to conserve agricultural resources wherever possible.

TABLE 2: THE ANNUAL IMPORT REQUIREMENT.

MARKETING YEAR	2004/2005	2005/2006	2006/2007	2007/2008	2008/2009	2009/2010	2010/2011	2011/2012	2012/2013	2013/2014	2014/2015	2015/2016
Production	9 482	11 450	6 618	7 125	12 700	12 050	12 815	10 360	12 121	11 811	14 250	9 665
Month*	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr	Mar/ Apr
Ending stock**	3 148	3 169	2 070	1 049	1 581	2 131	2 336	994	1 417	589	2 301	1 215
Imports	219	360	931	1 120	27	27	0	421	11	80	100	500
Early deliveries March & April	212	91	550	668	352	322	172	615	842	497	580	489
Imports and producer deliveries	438	451	1 481	1 788	379	349	172	1 036	853	577	680	990
Stock levels before imports and producer deliveries	2 717	2 718	589	-739	1 202	1 782	2 164	-92	564	12	1 704	225
Pipeline required	45 days 911	45 days 933	45 days 957	45 days 1 004	45 days 1 077	45 days 1 082	45 days 1 107	45 days 1 118	45 days 1 117	45 days 1 169	45 days 1 209	45 days 1 217
Surplus/Shortage above pipeline requirement*	1 806	1 785	-368	-1 743	125	700	1 057	-1 210	-553	-1 157	495	-992
Processed in March & April	1 214	1 244	1 276	1 338	1 436	1 444	1 476	1 490	1 490	1 558	1 612	1 622

* Indication of import need.

Source: SAGIS, 2015 and own calculations

TABLE 3: POPULATION GROWTH VERSUS MAIZE DEMAND.

	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015
Population growth X000	46 888	47 391	47 851	48 687	49 321	49 991	50 587	51 771	NA	NA	NA
Local demand	7 283	7 462	7 660	8 029	8 613	8 658	8 857	8 941	8 935	9 349	8 379

Source: SAGIS, 2015 and Abstract of Agricultural Economics (2013)

Cash flow

solutions from the

farm to the

mill

Now let's talk AgriBusiness.

Our AgriBusiness teams are not only bankers, but agricultural experts of this dynamic sector. We'll give you access to working capital, and the flexibility you need to operate your business. This is the reason more businesses bank with Standard Bank than any other bank in South Africa. For more information, visit www.standardbank.co.za/business



**Standard
Bank**

Also trading
as Stanbic Bank

Moving Forward™

SA Grain/Sasol Chemicals (Fertiliser) photo competition

GRAIN MARKET-OVERVIEW

TABLE 4: DIFFERENT SCENARIOS FOR FOLLOW-UP ESTIMATES AND EARLY DELIVERIES.

	Possible changes in the crop estimate between the first production estimate in February and reconciliation in November*	The updated import need after adjustment for possible changes in the crop estimate between February and November (tons)	Adjustment in early deliveries for March and April 2016 in case the early delivery figure changes from the five year average of 489 000 ton** (tons)	Final import need at the end of April 2016 after considering possible changes in crop size and early deliveries (tons)	
Grain SA projects an import need of 934 000 tons at a production level of 9 655 290 tons (first production estimate) and early deliveries of 489 000 tons in March and April 2016.	The crop is underestimated by 8,2% – the crop estimate increases by 792 051 tons	141 949	317 898	459 847	
			0	141 949	
			-352 586	0 (-210 637)	
	The crop is underestimated by 3,4% – the crop estimate increases by 331 519 tons	602 481	317 898	317 898	920 379
				0	602 481
				-352 586	249 895
	The first production estimate is correct – the crop estimate remains unchanged	934 000	317 898	317 898	1 251 898
				0	934 000
				-352 586	581 414
	The crop is overestimated by 0,48% – the crop decreases by 46 393 tons	980 393	317 898	317 898	1 298 291
				0	980 393
				-352 586	627 807
The crop is overestimated by 3,9% – the crop decreases by 376 463 tons	1 310 463	317 898	317 898	1 628 361	
			0	1 310 463	
			-352 586	957 877	

* During the recent five years the Crop Estimates Committee underestimated the crop by 3,4% in 2011/2012 and overestimated the crop in 2009/2010 by 0,48%. The five year average "underestimated" figure aims at 8,2% and the "overestimated" figure aims at 3,9%. During the past ten years, the crop was 6/10 years underestimated and 4/10 years overestimated.

** Grain SA's projections provide for early deliveries of 489 000 ton. It is equal to the latest five years (2009/2010 - 2013/2014) average early delivery figure for March and April. During the five year period the smallest number of early deliveries aimed at 171 102 tons and the largest number of early deliveries equals 841 586 tons. Consequently, the average delivery figure of 489 000 tons needs to be increased by 317 898 tons when early deliveries are limited to 171 102 ton. The adjustment is necessary as the need for imports increase. Following the same argument it is needed to decrease the early delivery figure of 489 000 tons by 352 586 tons if the number of early deliveries reach 841 586 tons.

The marketing years suffering the lowest stock levels include 2007/2008, 2011/2012 and 2013/2014.

Early deliveries and imports made a significant contribution to stock levels. The early deliveries during drought or lower production seasons were 212 000 tons (2004/2005), 550 000 tons (2006/2007) and 668 000 tons (2007/2008). Grain SA used a five-year average early delivery figure of 490 000 tons for March and April 2015/2016 in determining the import need of 934 000 tons.

The early deliveries went as low as 91 000 tons in 2005/2006 and increased as high as 842 000 tons in 2012/2013. There is no significant correlation between the early delivery figure and the ultimate production volumes for the same marketing year or production season for the past ten years. The early delivery figure for March and April each year is thus a total uncertainty.

Imports of 934 000 tons are expected with an early delivery figure of 489 000 tons. Therefore, if the early deliveries reach only

91 000 tons it is expected that imports may aim at 1 332 000 tons. If early deliveries reach a figure of 842 000 tons, imports may aim at only 581 000 tons.

Change in marketing years

Grain SA took the decision to report on supply and demand factors over a marketing period which stretches from March to February instead of May to April. (See also our Supply and Demand estimates in **Table 5**, **Table 6** and **Table 7**.) The main purpose of the change is to eliminate the impact of uncertain early deliveries during March and April on the supply and demand of maize.

However, the following needs to be understood:

- By changing the reporting period, early deliveries still remain. It does not disappear.
- The pipeline requirement of 45 days, as defined by millers, stays the same. It does not increase by two months or 60 days because of the change in the reporting period.



GRAIN MARKET-OVERVIEW

- The 45 days pipeline requirement is very important in determining the import needs of the country. As soon as it seems that the projected stock levels will be insufficient to cover the 45 days required pipeline, imports are considered by role-players and prices trend towards import parity.
- Take note that stock levels were the lowest during April, but on occasion even May. Therefore the available stocks were measured against a breakeven point above the pipeline requirement of 45 days on 30 April of each year.
- The pipeline requirement of 45 days needs to break even with consumption on 30 April at 0. Therefore the pipeline requirement of 45 days on the 28th of February needs to break even with the remaining consumption for two additional months until breaking even on 30 April.
- Lastly, early deliveries during March and April decrease the pipeline requirement of 45 days to break even at the end of April.

It can be graphically illustrated as shown in **Graph 1**.

Population growth and maize demand

The Abstract of Agricultural Economics database indicates that South Africa's population growth increases by 1,3% per year. SAGIS


data indicate a growth in consumption of about 2,8% per year. See **Table 3**.

According to the NAMC, for every 1% increase in the price of maize, the price of maize meal only increases by 0,33%. The price increase in maize meal also took place with a lag of four months after the price of maize starts to increase.

Prices of maize meal start to recover after about eight months since the price of maize started to decline. Therefore it can be expected that the increase in maize prices during February will lead to higher maize meal prices from June onwards. The limitation on available white maize for the feed market was substituted with possible yellow maize imports.

According to a study by the NAMC, the price of maize meal increases by 0,33% for every 1% increase in the price of maize. The average white maize price during January aimed at R2 019/ton.

The average price in February increased to R2 553/ton due to the drought. The difference represents an increase of about R534/ton or 26%. Based on these assumptions, the price of maize meal is



Graph 1: Ending stock levels plus pipeline requirement to break even by end of April (early producer deliveries were excluded).



5. Participants may enter a maximum of three photos (with varying subjects) per edition. If more than three photos are entered, the first three photos received will be considered for the competition.
6. Photos that are entered must be unique and should not portray the same theme as photos entered into other competitions. Photos entered must not have been published previously.
7. If a participant is announced as a monthly winner, he/she may not enter the competition for the following three editions.
8. Photographers may enter their photographs up until the cut-off date each month. Entries received after this date will be entered into the following month's competition.
9. Only emailed entries or entries provided on a CD will be accepted. The photos must be in electronic format and no bigger than 3 MB each, in JPG format and no smaller than 10 cm x 15 cm. If photos are taken with a film camera, the photos must be scanned at 300 dpi.
10. Digitally manipulated photos will not be accepted. To crop a photo is however not considered to be digital manipulation.
11. A panel consisting of two professional photographers, a representative of SA Graan/Grain as well as Sasol Chemicals (Fertiliser), will judge the photos each month.
12. SA Graan/Grain reserves the right to reject photos that are blurry and does not adhere to the competition rules.
13. All entries become the property of SA Graan/Grain – this includes the CDs containing the photos. The photos will be stored in a data bank and SA Graan/Grain and Sasol Chemicals (Fertiliser) may use it for future promotions, marketing and publication purposes. By entering the competition, the entrant agrees to this and no third party claims for copy right violation may be submitted.
14. Employees of Sasol Chemicals (Fertiliser), Grain SA and Infoworks may not enter the competition.

Send photos to elmien@infoworks.biz or to Elmien Bosch, Postnet Suite 32, Private Bag X10, Flamwood, 2572.

Good labour practices and relationships in the spotlight



– Vastrap Enterprises (Part 2)

ELMARIE HELBERG, SA Graan/Grain contributor

In the March issue of SA Graan/Grain we talked to Quentin and Marisa de Bruyn of Vastrap Enterprises about their staff – which they believe is the most important asset of their farming business and this philosophy underlines their approach to labour practices.

Recognition and motivation

“We try extremely hard to give positive reinforcement for good work. This includes individual affirmation in our morning meetings as well as an annual prize giving for the most improved and most valuable employees in the older and younger age groups. We try to achieve a good balance between reward and discipline.

“On the discipline side, we keep accurate records of infringements in terms of written warnings and disciplinary meetings as required by the law. On the reward side, we have an all-encompassing bonus scheme, which rewards sobriety, extraordinary effort and discourages absenteeism and infringements of the labour contract,” Quentin said.

Quentin and Marisa believe that a minimum wage is necessary to prevent exploitation. “R2 400 per month is not a lot to live on, but unfortunately the last 52% increase in the minimum wage has led to many job losses and has forced producers to be more productive with less staff. This, in combination with the land tenure act, has had many unintended negative consequences for employment in the farming sector. While the reasons for this legislation are clear and necessary, there should be more engagement with producers to understand the consequences of such measures and to find workable solutions to improve living standards on farms.”

At Vastrap Enterprises they believe legislation provides a technical guideline for dealing with disputes. However, more often than not emotional and social factors play a more important role in resolving disputes.

At Vastrap they rely on a much more consultative process where elders from the community are involved to gain a better understanding of the issues at hand. Everything is documented in front of witnesses to ensure that all parties are held to the agreements reached. Trained and skilled staff is extremely valuable and hard to replace, therefore they see dismissal as a last resort.

A few tips

Tips from Vastrap Enterprises on how to get the best from your workforce:

- Treat your workers and their families with dignity and respect.
- Put in place a structured bonus scheme that rewards and self-regulates good performance and behaviour, rather than just punitive measures for offences. For example, our bonus scheme has helped to resolve previous issues with absenteeism and alcohol abuse in the workplace.
- Get to know your staff outside of the work environment by organising staff braais and team building excursions.
- Put as much time and thought into improving your labour relations as you would spend on improving your farming operations. It is an integral cog in the wheel.

Vastrap Enterprises is a mixed farming business near Ladybrand in the Eastern Free State. ■



➤ 1: Staff enjoying the England versus Germany game at the 2010 Soccer World Cup.
 ➤ 2: Mokete Rasoeu at the France versus South Africa game at the 2010 Soccer World Cup.
 ▲ 3: The newly completed staff ablution facility and pre-school playroom.
 ◀ 4: The playroom for Vastrap staff's kids.

Share your practices with fellow producers

Grain SA members are welcome to share with their fellow producers their tips and advice for good labour practices and relations on the farm; or methods that they apply on their farms that work for them. Send an email to estiedv@mweb.co.za and we will contact you.



Western Cape Department of Agriculture

takes the Annual Combined Congress by storm

JOHANN STRAUSS, JOHAN LABUSCHAGNE and ANNELENE SWANEPOEL,

Department of Agriculture, Western Cape Government

The annual Combined Congress of the South African Societies for Soil, Horticultural, Weed and Crop Sciences were held in George, from 19 to 22 January this year.

A total of 17 delegates representing the Western Cape Department of Agriculture (WCDA) with 13 posters and eight papers, attended the congress (**Photo 1**). This included students from the University of Stellenbosch working on their post-graduate studies on the different long-term trials run by the WCDA and being mentored by senior and specialist scientists of the Department.

The theme of the congress was "Taking research to the farm to ensure long-term sustainability".

Dr Johann Strauss (chairman of the local organising committee) explained the theme of the congress in his introduction in the abstract booklet as follows: "The challenge to research is relevancy. In a world where the need for sustainable food production is of utmost importance, we as researchers need to take our research to the farm. It is on-farm where our research effort is needed to ensure that production is sustainable

and that it will be providing for the increasing demand year-on-year. The struggle to find sponsors for research is increasingly difficult and the demands for practical research are evident. We as researchers and role-players in the field of agriculture need to place ourselves at the cutting edge of this practical research.

"On 5 December 2014 it was World Soils Day, and it is our sincere hope that from this congress onwards we, as agriculturists, realise the importance of this resource, the base of everything we do. Without a living soil, most of our research will mean nothing in the long run. In order to realise the higher production needs on less and less available soil, we must all work together to save and improve our soil."

At the gala dinner, Dr Johan Labuschagne (**Photo 2**) and Mr Jacques Smith (**Photo 3**) were awarded the best oral and poster presentations, respectively, in conservation agriculture (CA) as sponsored by Rovic Leers. It is the third year that these two prizes have been presented at the Combined Congress as part of the Crop Science Society's award portfolio. Dr Mike Ferreira (**Photo 4**) was presented with a Fellow-

ship from the Weed Science Society for his years of dedicated work within the field of weed science. The research programme Sustainable Cropping Systems, which includes the long-term crop rotation trials and cultivar evaluation programme of the Department, delivered seven of the 18 contributions of the Department.

This included two oral presentations by two MSc Agric students, Mr Stuart Knott and Mr Andries le Roux. Both these students have done their theses on the long-term crop rotation and tillage trials. Knott did an analysis on the financial impact of different tillage systems within different crop rotations on data from the Langgewens long-term trials of Dr Strauss and Dr Labuschagne, while Le Roux worked on the effect of increasing residue retention, which is the case in CA, on the establishment, re-establishment and production of annual medic pastures of the long-term crop rotation trial at Tygerhoek research farm near Riviersonderend.

According to Knott, CA offers the most holistic, sustainable agricultural practice to date, by reducing environmental degradation while concurrently enhancing farm level profitability.



▲ 1: Front: Dr Mike Ferreira, Gert Conradie, Heinrich van Zyl, Piet Lombard, Lisa Smorenburg, Annelene Swanepoel, Pippa Karsen, Izane Leygonie (MSc student), Stuart Knott (MSc student) and Glen Cooper (MSc student). Back: Johan van Zyl (MSc student), Henriette van der Walt (organising committee), Dr Johan Labuschagne, Dr Johann Strauss (chair: CASSA and chair: Organising Committee), Jacques Smith, Dr Mike Wallace and Andries le Roux (MSc student).

Western Cape Department of Agriculture takes the Annual Combined Congress by storm



- ▲ 2: Dr Johan Labuschagne (left) was awarded the best oral presentation in conservation agriculture. Dewald van Dyk (Rovic Leers) handed over the award.
- ▲ 3: Jacques Smith (left) received the award for the best poster presentation in conservation agriculture. Dewald van Dyk congratulated him.
- ▲ 4: Dr Mike Ferreira (left) was presented with a Fellowship from the Weed Science Society for his years of dedicated work within the field of weed science. Kobus Steenkamp (Monsanto) presented the award to him.

Using trial data from Langgewens research farm near Moorreesburg, his study evaluated a comparative analysis of the various CA farming systems over an extended period of time under varying sets of financial impacts, and came to the following conclusions:

- The monoculture system is not financially viable.
- The impact of weed infestations due to herbicide resistant ryegrass is unsustainable.
- The buffering effect of increased yields derived from diversified crop rotations reduced the farming system's sensitivity to fluctuation in external factors.
- No-till systems generate a higher expected internal rate of return (IRR) over an extended period of time.

Le Roux's MSc research was initiated due to concerns from farmers in the Southern Cape. The producers noticed a decrease in annual medic pasture re-establishment under CA practises and as a result shifted away from medics as a pasture crop.

Le Roux studied the effect of increasing residue left on the field as is set as one of the cornerstones of CA. The study evaluated medic re-establishment, establishment and the production of the annual pasture following different preceding crops.

Included was five degrees of cover ranging from 0% to 100% and included residues from wheat, barley, oats and medics. From the research it became clear that the best

re-establishment happens in wheat stubble. Other crop residues might be allelopathic, in the case of the other cereals, or auto-toxic, as is the case with medic residues which hampers the re-establishment.

The same scenario was found in the establishment of medic pastures. It also became clear that there were no significant differences in ultimate production between the 0% and 75% residue cover, which is very positive for retaining as much residue on top of the soil as possible. It was evident from his findings that in the Southern Cape it might be advisable to replant medic pastures at least every five to seven years, and to manage it correctly, otherwise it might be necessary to replant it much earlier to ensure sustainable pasture production.

The five poster contributions included work done on the carbon content, as one of the major indicators of soil health, of different cropping rotations and tillage practices that form part of the long-term research trials at Langgewens in the Swartland. In his poster, Mr Glen Cooper (soil science student) showed systems that, including medic pastures, tended to have higher levels of soil organic carbon (SOC) than other systems and that any form of tillage disturbance of the soil caused lower levels of SOC. These results are from the first year of his MSc Agric.

Dr Strauss showed that short rotation systems can be viable when used in the Southern Cape. Short rotations that include medic

pastures rather than long-term lucerne and/or systems consisting of cash crops only, can be sustainably farmed in this area. The results were obtained from the long-term crop rotation trial at Tygerhoek.

Two posters by Mr Piet Lombard focused on determining the optimal seeding density for canola and hay crops, oats and triticale. His preliminary investigation indicated that a more in-depth study in canola is necessary. It will include as many cultivars as possible, since the data suggests that we are seeding at a rate of about 50% more than is necessary.

Results from the hay study were inconclusive. Also from the cultivar evaluation programme, a poster by Miss Lisa Smorenburg gave insight into potential cover crops and combinations of cover crops that might be suitable within the CA systems practiced in the Western Cape. Combinations of one or two legumes planted together with rye proved to be very promising.

The research programme Plant-Soil-Water Management, concentrating on soil quality and soil tillage research, contributed three presentations and eight posters.

Dr Labuschagne showed that after eight years of applying tillage treatments (zero-, no-, minimum- and conventional-till) and different cropping systems (wheat monoculture, wheat/medic and wheat/canola/wheat/lupin) at Langgewens Research Farm, organic C, active C, aggregate stability and

glomalin content in conventional-till (maximum soil disturbance) were lower than in the other tillage treatments tested.

Except for wheat monoculture, this reduction in soil quality, however, did not influence wheat grain yield. This proves that the potential negative effect of continuous soil disturbance may take years to cause reductions in wheat yields. During the 2014 season, canola reacted positively on soil disturbance resulting in increased yields as the degree of soil disturbance increased.

Mr Abie Vorster (MSc Agric student), working on the long-term tillage/cropping system trial at the Tygerhoek Research Farm, reported that after seven years of applying abovementioned treatment combinations, no-till tended to result in better soil physical properties except for aggregate stability that showed no response. These differences were however not significant.

Four posters related to the long-term tillage/cropping system trial at Langgewens were presented. Two posters by Dr Labuschagne and Mr Johan Habig (ARC: PPRI) showed no definite trend in the effect of crop rotation on enzyme activity. Less soil disturbance tended to increase enzyme

activity. Soil microbial diversity showed higher sensitivity to cropping sequences, than to tillage treatments.

Preliminary results showed that the composition of soil microbial diversity was the lowest in wheat monoculture and the highest in a wheat/medic system. Low microbial diversity in the wheat monoculture plots could be the result of specialised microbial populations present, with the ability to utilise wheat root exudates more effectively.

Mr Heinrich van Zyl found that in the absence of tillage (zero- and no-till) at Langgewens, less mobile elements (organic C and P) tended to accumulate in the top 0 cm - 5 cm, a result not found for more mobile elements like S.

Vorster could not find any significant differences in soil water content, cumulative evapotranspiration (water usage by system), and grain yield and water use efficiency between tillage and crop rotation treatments at Tygerhoek, however no-till tended to perform better than the other treatments included in the study.

Investigating the effect of a strategic once-off tillage on soil quality was covered by

three posters. Preliminary results from Tygerhoek by Mr Jacques Smith showed that once-off tillage in a permanent pasture/cash crop system (after lucerne) had no major impact on soil quality in the short term.

Stratification of SOC after a long-term lucerne crop could therefore be reduced effectively by means of once-off deep tine or mouldboard plough without increased losses of the active C content, an important soil quality parameter.

Ms Izane Leygonie and Mr Johan van Zyl (MSc Agric students) showed that after applying a once-off tillage treatment (deep tine or plough) at Langgewens, soil water content was influenced by tillage, current crop as well as the time when the soil water content was recorded. Biomass production of wheat and canola and chlorophyll content of leaves were not influenced by the tillage treatments tested. This is only preliminary results; final recommendations will be made upon completion of these studies.

The posters and papers delivered at the Combined Congress were made possible by the partial financial support of the long-term research trials from the Winter Cereal Trust. ■

Geelmielies

Kultivars

DKC61-94BR
DKC80-40BR GEN
DKC80-12B GEN
DKC80-30R
DKC62-80BR GEN
DKC64-78BR GEN
DKC73-76R
DKC62-84R
DKC73-74BR GEN
DKC73-70B GEN
DKC73-72
DKC66-32B
DKC66-36R
DKC80-10
DKC61-90

PLANT VIR VOLGEHOUE SUKSES

Met **DEKALB**[®]-saad as deel van jou boerdery, sorg jy vandag reeds vir die dag van môre, omdat jy weet, met **DEKALB**[®] plant jy sukses. Ons tegnologie en navorsing gerugsteun deur spanwerk en professionele advies dra by tot jou volgehoue sukses, nie net vandag nie, maar ook in die toekoms.



Monsanto tel: 011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kontak gerus ons kliëntediens by: 011 790-8200
of customercare.sa@monsanto.com

DEKALB[®] en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



'n Kykie in die grondmikrobiologieselaboratorium

CHARNÉ MYBURGH en **OWEN RHODE**, LNR-Instituut vir Graangewasse

Waarom wil ons weet wat die mikrobiële aktiwiteit in grond is?

Grond is lewend. Dit is juis hierdie biologiese komponent wat, tesame met die fisiese en chemiese eienskappe, 'n hoëkwaliteit grond verseker mits al drie komponente in die korrekte verhouding met mekaar is. Die biologiese komponent word gewoonlik op die agtergrond geskuif, waarskynlik omdat dit nie so maklik kwantifiseerbaar is nie.

Grondmikrobes speel 'n belangrike rol in grondkwaliteit en plantproduktiwiteit deur die prosesse wat hulle in die grond laat plaasvind. In die lig hiervan moet ons kyk na die verskillende organismes in die grond en wat elkeen se funksie is.

Bakterieë is in staat om 'n wye verskeidenheid organiese samestellings af te breek. Dit sluit in suikers, proteïene, aminosure, olie(s), onkruidodders en insekdoders, om maar 'n paar te noem. Bakterieë is ook aktief betrokke by die stikstofsiklus – waar sommige stikstof omskakel vanaf die atmosferiese vorm (N_2) na 'n biobeskikbare vorm wat deur plante opgeneem kan word.

Ander kan ammoniak omskakel in nitraat (nitrifikasie), terwyl nitraat ook omskakel kan word na stikstof (denitrifikasie) wat in die atmosfeer vrygestel word. Bakterieë stel dus die voedingstowwe (hoofsaaklik stikstof) in plantreste vry vir opvolggewasse. Verder dien dit ook as 'n tydelike stoorplek vir hierdie voedingstowwe wat dit dan teen verliese beskerm.

Aktinomisete is bakterieë wat filamentagtig en dikwels hoogs vertak, soos fungi, vertoon. Hulle kan komplekse organiese samestellings, soos sellulose, lignien en chitien degradeer en is meestal betrokke by die finale afbreekfasies van hierdie samestellings. Dit is die oorblyfsels van hierdie materiale wat humus vorm en 'n uiters waardevolle rol in grond speel.

Fungi sluit in giste en swamme. Alhoewel sommige fungi plantsiektes veroorsaak, speel verskeie fungi oor die algemeen 'n groter rol in algehele grond- en oeskwiteit. Hulle is 'n baie belangrike groep degradeerders omdat hulle in staat is om dele van plante en diere te degradeer wat nie deur bakterieë afgebreek kan word nie. Die draadagtige stringe van fungi, bekend as hifes, help verder ook om die grondstruktuur te stabiliseer. Sommige fungi is predatore en kan onder meer aalwurms in die grond beheer. Ander fungi speel weer 'n belangrike rol om siektekomplekse, soos wortelvrot by mielies, te onderdruk.

In landbou het bestuurspraktyke 'n effek op die grond se biologiese komponent. Praktyke soos ploeg versteur en vernietig byvoorbeeld die swamme in die grond, wat dan weer onder meer lei tot 'n afname in erdwurmgetalle. Ons weet ook dat praktyke, soos dekgewas en kompos, "goeie" biologie aanmoedig om probleme met grondgehalte te oorbrug.

Soos reeds genoem, lewer grondmikrobes 'n bydrae tot die biologiese gehalte van 'n grond. Deur dus die invloed van bestuurspraktyke op die mikrobiële populasie in die grond te bestudeer, kan 'n aanduiding gegee word van die grondgehalte in die breë sin sowel as watter landboupraktyke volhoubaar is.

Grondlaboratoriumtegnieke

Aangesien mikroorganismes nie met die blote oog gesien kan word nie, is daar verskeie tegnieke wat gebruik kan word in die bestudering en kwantifisering van mikroorganismes. Dit sluit onder meer in die kweking van mikroorganismes (bakterieë en fungi), die bepaling van grondensiem-aktiwiteit en die bepaling van diversiteit met behulp van DNS-tegnieke.

Wat is die doel van kweektegnieke?

Die gebruik van agarplate (voedingsmedium) om grondverduunnings te maak en kolonies te tel is 'n baie handige indikator van mikrobiële aktiwiteite in 'n spesifieke grondmonster. Hierdie tegniek het ten doel om die hoeveelheid kolonievormende eenhede te bepaal.

Die grondmonster word in 'n reeks verdun en elke verdunning word uitgeplaat op 'n steriele agarplaat wat dan geïnkubeer word totdat kolonies gegroei het. Die agarplaat dien as voedselbron vir die mikroorganismes..

Daarna word die kolonies getel, wat 'n aanduiding gee van die hoeveelheid mikroorganismes wat in die grond voorkom. Aangesien mikroorganismes baie selektief kan wees met betrekking tot hul voedselbron, kan ongelukkig slegs sowat 1% van alle spesies op dié manier gekweek word.

Waarom toets ons landbougrond vir ensiemaktiwiteite?

Mikroorganismes soos bakterieë en fungi produseer ensieme, dus kan ons deur die ensiemaktiwiteit in die grond te meet 'n aanduiding kry van die mikroorganismes se aktiwiteit in 'n spesifieke grond. Daar is verskillende grondensieme waarvoor getoets kan word, maar ons fokus op vier ensieme, naamlik dehidrogenase, β -glukosidase, fosfatase en urease.



Elke ensiem hou verband met 'n ander funksie in die grond.

- Dehidrogenase meet die mikrobiële oksidatiewe kapasiteit van grond en gee dus op sy beurt 'n aanduiding van die lewensvatbare organismes in die grond.
- β -glukosidase is betrokke tydens die versuikering van sellulose.
- Fosfatase transformeer organiese en anorganiese fosforverbindings in die grond.
- Urease speel 'n belangrike rol in die stikstofsiklus en hou verband met mikrobiële biomassa.

As 'n geheel kan die analisering van hierdie ensieme 'n vinnige aanduiding gee van veranderinge in die grond. Dit word dus as 'n tipe sensor of indikator gebruik vir mikrobiële aktiwiteit en grondvrugbaarheid. Hierdie analyses word uitgevoer onder optimale reaksietoestande en gee 'n aanduiding van die maksimum ensiemaktiwiteit in die grond en dus van die mikroorganismes in die grond.

Waar pas DNS-profiel in?

Deoksiribonukleïensuur (DNS of soos die Engelsman sê DNA) is die bousteen van alle lewe op aarde. Dit bestaan uit vier molekules of te wel nukleïensure waarvan die volgorde bepaal of jy mens, 'n bees, 'n mielie of 'n bakteriese sel is asook alles wat verder lei tot die uniekheid van lewe.



- 1: Mikrobiële tellings op voedingsagarplate.
- ◀ 2: Geamplifiseerde bakteriële DNS op 'n agarose jel.
- ▲ 3: Ensiem-analise op grondmonsters.

Deesdae word daar al meer gebruik gemaak van DNS-identifikasie. Alle mikroörganismes beskik oor 'n gedeelte binne hul DNS wat konstant dieselfde is regoor die meeste verskillende spesies. Ons verwys in bakterieë na die 16S rRNS-geen en in fungusse na die 18S rRNS-geen.

Binne die onderskeie gene is daar dan klein gedeeltes waar die nukleïensure verskil, met die meeste spesies wat oor hul eie unieke volgorde beskik. Dit dien dan as't ware as 'n vingerafdruk om die spesie te identifiseer. Uit so min as 0,1 g grond kan daar DNS geïsoleer word, wat deur 'n chemiese proses van polimerase-kettingreaksie (PKR) vermeerder word.

Hierdie proses teiken die 16S rRNS- of 18S rRNS-geen en maak miljoene kopieë binne 'n uur of twee. Daarna kan die navorser óf die DNS gebruik en op 'n dun jel skei onder 'n elektriese stroom óf 'n baie duur "tweede generasie-volgordebepaling"-tegniek volg.

Die jelmetode word meestal in Suid-Afrika gebruik aangesien dit goedkoper is en steeds relevante inligting verskaf. Die jel toon 'n enkele band vir elke verskillende spesie. Die bande word uitgesny, waarna die volgorde van die boustene van die DNS bepaal word en vergelyk word met ander DNS-volgordes om 'n identifikasie te maak van die betrokke spesie.

Ook word die jel vergelyk met ander jelle, om sodoende 'n vergelyking te tref ten opsigte van die verskille in grondmikrobiodiversiteit tussen verskillende grondmonsters.

Wat beteken al hierdie inligting vir jou as produsent?

Grondmikroörganismes het 'n uiters belangrike rol in die grond aangesien hulle plantreste afbreek; 'n bydrae lewer tot humusvorming; dien as tydelike stoorplek vir plantvoedingstowwe, soos stikstof en fosfor, en dit beskikbaar stel vir plantopname; grondstruktuur verbeter; en selfs die waterhouvermoë op 'n indirekte wyse verhoog.

Deur hierdie identifikasie- en kwantifiseringstegnieke te gebruik, is dit moontlik om mikrobiële aktiwiteit vergelykings te tref tussen verskillende tipes grond, verskillende boerderymetodes en verskillende bewerkings.

Soos gesien kan word uit die rol van grondmikroörganismes, soos hierbo uiteengesit, is die mikpunt dan juis om 'n hoë mikrobiële aktiwiteit te bevorder aangesien dit die grondkwaliteit verbeter wat dan die produktiwiteit en graanopbrengs kan maksimeer. Dus kan ons nog voordat ons na die plante kyk alreeds 'n goeie idee kry van wat in die grond aangaan.

Vir iets wat nie met die blote oog gesien kan word nie, is dié organismes nogal belangrik of hoe?

Vir meer inligting oor grondmikroörganismes in landboupraktike, kontak gerus vir Owen Rhode by rhodeo@arc.agric.za. ■



Saadhanteringstelsel bring spoed en gerief tot by jou drumpel

ELMARIE HELBERG, medewerker, SA Graan/Grain

"Pioneer het die pas aangegee – dít is die toekoms. Ander saadmaatskappye sal nou moet uithaal om by te bly," so sê kommersiële produsent, mnr Willie de Klerk van WA de Klerk Boerdery in Mpumalanga, wat as proefkonyn vir DuPont Pioneer se opwindende nuwe ProBox-saadhanteringstelsel opgetree het.

Hierdie baanbrekerstelsel, wat die doeltreffendheid en produktiwiteit op produsente se plase kan verbeter, is op 29 Januarie tydens 'n glansgeleentheid in Johannesburg bekend gestel. Komersiële klante kan nou mielie- en sojaboonsaad in groot maat by Pioneer koop in 'n houer wat 40 (25 kg) eenhede van 25 kg elk bevat.

Die ProBox-stelsel, wat uit groot saadhouers en 'n waentjie, wat in samewerking met Agricad ontwikkel is, bestaan, sal nie net voldoen aan produsente se behoeftes vir verbeterde produktiwiteit, groter gemak en gerief by die hantering van saad in groot maat op hulle plase nie, maar ook aan die saadbedryf se behoefte om meer beskerming vir die saad te bied.

"Produsente is druk besig om die produktiwiteit en winsgewendheid in hul bedrywe te verbeter in 'n moeilike ekonomiese omgewing," het mnr Tony Esmeraldo (direkteur: DuPont Pioneer Suid-Afrika) tydens die ProBox-bekendstelling gesê.

Met dié stelsel is dit geriefliker vir produsente om saad te vervoer, oor te dra en te stoor op hulle plase. Dit is spesiaal in Suid-Afrika vir

die plaaslike toestande ontwikkel. Die ProBox-houers, wat glad en soomloos aan die binnekant is om te verseker dat dit in minder as 'n minuut heeltemal leeggetap kan word, stapel maklik op mekaar, is maklik om te hanteer en om af te laai. Dit kan met 'n vurkhyser opgetel en geskuif word en sodra die herbruikbare houer leeggemaak is, kan dit gestoor en ná planttyd teruggegee word.

Mnr Heinz Oellermann (verkoopsbestuurder: DuPont Pioneer) het genoem dat Pioneer wil verseker dat hulle saad reg hanteer word aangesien dit 'n lewendige organisme is en dit is waarom hulle hierdie stelsel ontwikkel het. Volgens hom is die waentjie ook ontwerp dat dit sodoende vinnig skoongemaak kan word. Die waentjie met die saadhouers kan eenvoudig langs 'n planter geparkeer word, waarna die saad met 'n awegaar na 'n planter se *central feeder* vervoer word.

Hierdie proses duur maar sowat vier tot vyf minute en 'n produsent kan ongeveer 60 ha op 'n dag hiermee plant. "Omdat die waentjie deur Agricad in Suid-Afrika vervaardig is, is onderdele maklik bekombaar en kan dit plaaslik herstel word. Die waentjie kan vier ProBox-houers vat wat gelyk is aan 160 sakke saad," sê Oellermann. Met dié stelsel kan saad ook tydens die plantproses behandel word.

Dié stelsel is nou by DuPont Pioneer vir grootskaalse kommersiële produsente beskikbaar. ■

Wat sê die produsente?

WA Boerdery in Mpumalanga, wat hoofsaaklik mielies plant, het die ProBox-stelsel tydens die vorige seisoen uitgetoets. WA en Willie de Klerk deel hul bevindings met ons:

- Ons het ongelooflik baie gespaar in terme van arbeid en spoed.
- Wat sojabone betref, is dit veral veelsydig aangesien die sojabone geënt kan word soos wat dit na die planter vervoer word.
- Ons kon met een vol waentjie amper 250 ha teen 'n 50 000-stand plant.
- Die houers is heeltemal bestand teen muis.
- 'n Arbeidsvermindering van 80% is haalbaar.



- ▶ 1: WA de Klerk (produsent), Heinz Oellermann (verkoopsbestuurder: DuPont Pioneer) en Willie de Klerk (produsent) by die ProBox-saadhanteringstelsel.
- ◀ 2: Peter Wood (agent: Pioneer Bergville) wys sy maatskappy se produk aan Clinton Frey, Trevor Bower, Gary Wood en Dewald Fick, almal produsente in die Winterton-omgewing.
- ◀ 3: Hierdie Ottosdal-produsente was baie beindruk met die ProBox-stelsel: Pieter Dreyer, Izak Potgieter (agter) en Johan Strydom. By hulle staan Gary Farr (areabestuurder: DuPont Pioneer, KwaZulu-Natal).

LAAT
DINGE
GEBEUR



NEDBANK

LAAT

GROEI IN DIE LANDBOUSEKTOR

GEBEUR



Van die landery tot die linguettine en als tussenin.

Jou kliëntediensspan by Nedbank staan onder leiding van 'n ervare verhoudingsbestuurder wat aan jou besigheid toegewy is en deur 'n landbouspesialis met deeglike kennis van jou plaaslike omgewing ondersteun word. Ons bied 'n reeks oplossings wat volgens die behoeftes van die landboubedryf doelgemaak word en fasiliteer transaksies vir swart ekonomiese bemagtiging om volhoubare groei van hierdie besighede te verseker.

Stuur aan ons 'n e-pos by agriculture@nedbank.co.za.

KUIER SAAM MET

Abrie

ABRIE COETZEE, onthaal- en dekorspesialis



Paasfees ís belangrik

Ontbyt

'n Fees vir Pase wag onder die oggendskaduwee in die tuin. Ons dek 'n Barok-sementblatfel vir ontbyt. Spierwit orgidee word met lemmetjiegroen en oranje blomme gemeng. Dit gee 'n gevoel van varsheid en vernuwing. Kunstige porseleinhase kruip weg tussen die rangskikkings.

'n Verfrissende voorgereg van spanspek met 'n gemerstropie gee 'n prikkel op die tong.

Aan die punte van die tafel is geroeste staanders, gevul met strooi en paaseiers. Uit die bome hang harte en kruise wat Sy liefde as tema uitbeeld vir Pase.

'n Omelet met speserye en gekapte groen en rooi soetrissie word keurig opgedien.

In die agtergrond kabbel die water oor die rand van die spuitfontein. Waterlelies dryf op die visdammetjie. Onthou: 'n Ysterkoepel op sementpilare oor 'n dammetjie, rond altyd die dammetjie af (in hierdie geval is dit 'n simbool van 'n kerkkoepel).



Middagete

Middagete ter ere van Pase word uitgebeeld met fluweel, kruise en rooi rose, soos karmosyn.

Jacobynstoele en uitgewerkte tapisseriesitplekke roep nonne wat in 'n klooster bid met kruise.

Rooi glase glim en weerkaats die son. Hier gebruik ek kammavolstruisleer onder die borde en wit servette waarop 'n mes en vurk gedruk is.

Paasete moet so voorgesit word dat 'n mens enige tyd die spel van goue harp en singende engele verwag.

Kruise met mosaïekspieëls hang uit die bome en glas klingel soos klokke. Geroeste koepels oor die borde en rooi rose rond die prentjie af.

Die sagte reuk van jasmyn ('n moet in enige tuin), hang soos wierook oor die hele tuin en die natuur bring hulde aan die Offerkruis. ■



Kontak Abrie Coetzee van Kamelia in Klerksdorp by 018 468 5689 of 072 804 9841.

WIELE

vir die plaas



GERRIE SMIT, lid van die SA Motorskrywersgilde

Ford Ranger XL-Plus: Vir harde werk

– sterk, maar veilig

Die Ford Ranger-bakkierreeks is einde 2011 in Suid-Afrika geloods. Op daardie stadium was dit groot nuus, omdat Toyota met sy Hilux en Isuzu met sy KB-reeks die bakkie-mark oorheers het en 'n nuwe toetreder om die een-tongigheid te breek, was nodig.

Met sy loodsing was die Ranger duurder as sy kompeteers, maar Ford SA het die hoër prys verdedig, deur daarop te wys dat die Ranger tegnologie meer gevorderd en beter waarde bied as sy kompetisie.

Dit gesê, is 'n mens maar skepties oor enige nuwe produk en dit geld ook vir bakkies. 'n Man wil eers van die kant af kyk, jou buurman eers een laat koop en dan hoor hoe dit vaar. Nou, ná drie jaar, kan 'n mens weer kyk na hoe die Ranger vaar en die antwoord is: "Baie goed".

Die dubbelkajuit 4x4 Ranger was in 2012 een van die finaliste van die Motor van die Jaar-kompetisie en alhoewel dit toe nie bekroon is met die toptoenking nie, is dit goed om te weet dat in sy klas van dubbelkajuitbakkies, dit gereken was die beste in sy klas.

In 2014 is Suid-Afrikaners genooi om met hulle selfone en deur die internet te stem wat volgens hulle die beste voertuig in Suid-Afrika in 2014 is. Dit was toe geen luukse sportmotor nie, maar die Ford Ranger-dubbelkajuitbakkie. In November 2014 het die Ford Ranger ook meer verkope as die Hilux gehad. Hilux het weer die kroon in Desember en daarna geneem, maar die Ranger is nie ver agter met sy verkope nie. Dit wys net dat ná drie jaar, het die Ranger sy merk gemaak en word nou gerespekteer as die beste bakkie in Suid-Afrika.

Ford sit ook nie op hul louere nie en het einde 2014 nuwe modelle uitgebring om by tye en nuwe uitdagings te pas. Sodoende is die XL-Plus-modelle bekend gestel. Die XL-Plus is 'n spesiale weergawe wat ontwerp en gebou is om geharder te wees en om in rowwer terrein as die ander Ranger-bakkies te kan beweeg. Dit is veral ideaal vir die landbou- en mynbedryf waar daar nie altyd teer- of ordentlike grondpaaie is om by die werk wat gedoen moet word, soos die oprigting van heinings in die veld, te kom nie.

Die XL-Plus-weergawes is as 'n volledige dubbelkajuitbakkie beskikbaar. Die voornemende koper kan egter ook die XL-Plus koop as 'n enkel- of dubbelkajuit, maar sonder die laaibakgedeelte. Dit wil sê, basies net die onderstel met die kajuit. Sodoende kan die koper sy eie doelgerigte voertuig met die XL-Plus as basis self bou.

Die XL-Plus kom net met 4x4-aandrywing uit en word suiwer deur Ford se hoëverrigting 2.2 TDCi-enjin aangedryf. Hierdie enjin het 'n kraglewering van 110 kW teen 3 700 rpm en 'n wringkrag van 375 Nm, wat beskikbaar is in tussen 1 500 en 2 500 omwentelinge. Die XL-Plus het 'n sesspoed handratkas en al die XL-Plus-modelle is ook toegerus met 'n elektroniese agter-ewenaarslot.

Wat regtig lekker is van die XL-Plus-modelle, is dat jy gawe speelgoed saamkry as deel van die pakket. Speelgoed soos 'n tweede

battery waarmee jy 'n klomp goed kan aandryf. Al die sitplekke het as bonus ook swaardiensoortreksels sodat as jy vuil gewerk is, jy nie die sitplekke self vuilsmeer nie.

Dan is daar 17 duim sterk staalwiele wat met alle terrein-bande gesool is en ook sentrale sluiting vanaf die sleutel, 'n baie goeie klankstelsel, elektriese vensters en lugverkoeling. Speelgoed wat mens nie in 'n hardebaardbakkie verwag nie.

Om die XL-Plus sterk te maak, is die raamwerk versterk sodat hierdie bakkies tot 3,5 ton sal kan sleep. Die XL-koper kan ook opsioneel 'n swaarder voorste buffer laat opsit asook die laaibak met 'n rubberlaag laat bedek.

Alhoewel sterk gebou, is daar nie gesny op veiligheid nie. Juis omdat XL-bakkies deur slote en ander ongelyke terrein sal moet kan beweeg is die veiligheidspeksifikasies hoog om die eienaar gemoedsrus te gee dat die bestuurder en passasiers van 'n XL-Plus so veilig as moontlik binne die kajuit beskut is.

ABS en EBS is standaard. Daar is lugsakke vir beide die bestuurder en voorste passasier asook 'n kniehoogte lugsak om die bestuurder se bene te beskerm.

Die XL-Plus-bakkies ry lekker sterk en stewig en gee die heelyd aan die bestuurder daardie gerusstellende "in beheer"-gevoel. Dit is 'n voertuig wat jou selfvertroue gee om te gaan waar ander bakkies nie maklik kan gaan nie.

'n Verdere pluspunt van die XL-Plus is dat dit, soos met die ander Ranger-bakkies, ook in Suid-Afrika deur Ford SA gebou word. Dit XL-Plus word inderdaad só goed gebou, dat dit ook na Australië en Nieu-Seeland uitgevoer word.

Die diensintervalle is 15 000 km vir al die modelle in die reeks en die waarborg geld vir vier jaar of 120 000 km. 'n Diensplan van vyf jaar of 90 000 km is ook by die prys ingesluit.

Die Ford Ranger XL-Plus-dubbelkajuit kos R391 900. ■



▲ Die geharde Ford Ranger XL-dubbelkajuit soos dit van die handelaarsvloer af kom.

Fluisteringe uit 'n ou gebou

Beste Grootneef

ek en Buurman het vroeër vandeeweek oor die draad staan en kuier. Dis droog man, die veld is sommer vaal. Buurman vertel toe dat die ou NAMPO-gebou in Bothaville uiteindelik verkoop is.

Daardie middag moes ek gou-gou dorp toe. Daar gekom, besluit ek om vinnig 'n draaitjie deur die ou gebou te stap, net so vir oulaas.

Die leë gange was nogal aardig. Die voetval van 'n menigte besoekers nou stil. In een van die ou kantore het ek vasgesteek en uitgekyk. Buite was dit 'n perfekte somersdag met 'n ligte oostewindjie wat die takke en blare roer. 'n Swerm mossies aan't raas oor wie onder watter dakbalk intrek.

En toe wonder ek, wie sal onthou van die groot geeste uit vergange se dae, wie op hul tyd die pas in die ou gebou aangegee het? Van die planne wat gemaak is en die brûe wat gebou moes word?

Want wie onthou vandag nog hoe moeilik dit was om 'n eie mondstuk net vir graanboere staan te maak? Of toe PW die manne ontbied het om te verduidelik hoe nou met die oes! Of dat oud-president Mandela, Trevor Manuel en Terror Lekota een Sondagoggend in '93, toe almal in die kerk was, kom kuier het om meer van die graanboere te leer? Dit was nog vóór die verkiesing in '94, waarna dit mode geraak het om 'n kiekie met die nuwe staatspresident te neem...

En wie onthou nog die TV-kanaal met weeklikse uitsendings oor die mark en met Sakkie Nigrini se weervoorspellings! Vandag het elke huis 'n PVR met 'n duisend programme om na te kyk, maar om in toeka se dae 'n eie TV-kanaal net vir lede staan te maak, was nie net vir val uit die boom nie. Wie was daardie mooi aanbieder nou weer?

En dalk het almal al vergeet hoe moeilik dit was om al die planne vir 'n vrye mark binne twaalf maande in plek te kry, toe die nuwe goewerment besluit het om landbou te dereguleer en die Rade toe te maak! En wie onthou nog ons eie Makelaarsdiens? Net so om al die nuwe graanmakelaars se kommissie eerlik te hou!

Nou ja, as jy so deur 'n ou gebou stap, hoor jy nie net die vloerplanke kraak

nie. As jy reg luister, hoor jy ook die stemme van die helde wat help bou het aan die organisasie van vandag. Soos alles in die lewe, gebeur niks vanself nie. Daar was hope moeite agter elke poging, hoe nederig ook al.

Die voorgangers van toeka, het egter ook nie al die kennis van goed en kwaad gehad nie. Oor sekere besluite, raak die gebou net stil. Party planne werk mos en party nie.

Op pad terug plaas toe, dreun 'n ou groen Cortina by my verby. En jy kan aan die man agter die stuur sien dat hy aan die trek is. Die agtersitplek vol tasse en 'n rooi wasgoedmandjie vol hangers. En op die voorste sitplek langs hom, 'n potplant. Aan die handreling teen die dak 'n paar hemde wat heen en weer wieg met die ritme van die ongelyk teerpad.

Ek dink toe by myself: Dis goed om nou en dan te trek ook. Want dan kan al die goeters wat nie meer inpas nie, agtergelaat word.

Groete op die Oosgrens. En groete aan Neef Giel.

Kleinneef



Lesers is welkom om 'n e-pos aan Kleinneef te stuur by kleinneef@graingrowers.co.za.



Science For A Better Life

Bayer (Edms) Bpk gesels oor jou en jou vee se gesondheid by vanjaar se NAMPO Oesdag.

Program:

9:00 - 10:00 **Bayer Dieregesondheid "Post-Mortem"**

11:00-12:00 **Gesondheidspraatjie**

12 & 13 Mei - Dr Ettienne Kok*

14 & 15 Mei - Dr Elna Rudolph*

(*Geen onder 18's toegelaat)

- Meld asb 10 minute voor die aanvang van die praatjies by die Bayer Life Auditorium (perseel 28) aan om jou plek te verseker.
- Kom kuier ook gerus saam met ons of besoek ons uitstalling by die Bayer Science Building (Perseel 87).


Sien jou by Nampo 2015!

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, 1601
Posbus 143, Isando, 1600
Tel: +27 11 921 5252
Faks: +27 11 921 5671



Bayer CropScience

www.bayercropscience.co.za





Silo Bag®

The Bulk Grain Storage Revolution!

A complete and cost effective system for your grain storage.

www.silobags.com



Baggers



De-Baggers



Sweepers



Silo Bags



Fertilizer Carts



Grain Carts



Forage Baggers



Silo Seala - Exclusive to Silo Bag

Wilhelm Grütter
Tel: +27(83) 457-9372
wg@silobags.com

Jan Dreyer
Tel: +27(83) 279-3211
jd@silobags.com

Fax: +27(58) 303-9600
37 Naude Street, Bethlehem, 9700
PO Box 2319, Bethlehem, 9700